

BOEK I.

Die Beskawing op sy lang Ompad van die Mond
van die Nyl na die Kus van Suid-Afrika.

HOOFSTUK I.

DIE BESKAWING EN SY EERSTE UITBREIDING.

§ 1. Die Beskawing.

In hierdie Eerste Boek sal uiteengesit word, waar die fakkel van ons beskawing aangesteek is, en hoe dit deur duisende jare heen, van hand tot hand in groter en groter kringe en met toenemende glans ontvlam het, totdat ook die kus van Suid-Afrika deur sy lig beskyn is. Voor ons egter op die vleuels van die historiese fantasie hierdie vlug onderneem, is dit wenslik om te sien watter begrip ons aan die woord *beskawing* heg. Dit is moeilik om die betekenis daarvan noukeurig te definieer. Gelukkig hoef en mag ons selfs dit nie doen nie; — definiesies tog aan die begin van 'n leerboek is pedagogiese hoogverraad! — maar dit sal nie 'n groot sonde wees as dadelik gesê word dat ons hier alleen met 'n betreklike onderskeiding te doen het nie. Dit is onmoontlik om 'n absolute grens tussen beskaafde en onbeskaafde volke te trek. Alle volke is meer of min beskaaf. Selfs die Boesmans het deur hulle kunstige vervaardiging en gebruik van eenvoudige wapens, soos die pyl en boog, deur hulle interessante stories en veral deur hulle tekeninge bewyse geleer, dat hulle reeds die elemente van 'n eie kultuur besit het. Al die rasse van die wêreld staan êrens op 'n sport van die lang beskawingsleer, en of hulle beskaaf of onbeskaaf genoem word, hang alleen daarvan af, hoe hoog of laag dié sport is. Ons moet juis leer om in die Geskiedenis oor alles wat die mens tot stand gebring het, relatief te dink. Dié plig is ons opgelê deur die inhoud van die vak self, nl. die *groei* van die mensdom, en sy beste uitvloeisel is dan ook miskien dat wie histories dink, menslike aangeleenthede in hulle regte perspektief sien en daaruit 'n verdraagsaamheid aanleer wat op kennis berus en nie op swakheid nie.

Die beskawingstrap van 'n groep mense word bepaal deur hulle verstandelike ontwikkeling en die mate van sukses waarmee hulle hul as 'n gemeenskap kan organiseer en die kragte

en produkte van die natuur tot die vergemakliking en ver-aangenaming van hulle lewe kan aanwend. Die beskaafde volke blink in hierdie opsigte uit. Die monumentale geboue van die ou Egiptenare, die kuns en letterkunde van die Grieke en die wette van die Romeine, is maar enkele oorblyfsels wat aantoon hoe ver dié volke hulle barbaarse bure oortref het. In 'n nog sterker graad oortref vandag die Europeaan die Neger van Afrika, maar in hierdie geval tree ook iets andersbaie duidelik te voorskyn, nl. dat die beskawing 'n krag is, en dat die beskaafde juis deur sy hoër ontwikkeling in staat gestel word om oor die onbeskaafde heerskappy te voer. Ons moet ons egter daarvoor hoed om hierdie krag wat in die beskawing opgesluit lê, alleen as iets stoffiks te gaan beskou. Die witman heers wel deur sy vliegtuie en kanonne, sy stoomskepe en treine, sy masjiene, werktuie en geld, maar daarby ook deur sy wette en kuns en sy hoër begrip van sedelikheid en godsdienis. Op die lang duur word die rang van 'n volk in die beskawingsry juis op sy geestelike besit gebaseer. Die Hebreuse volkie van ouds, ofskoon deur sy hoogbeskaafde tydgenote, Egiptenare, Grieke en Romeine, geminag, verdien met reg 'n ereplek daarin, en die sekerste waarborg vir die voortbestaan van die opperheerskappy van die Europese rasse in die wêreld is die sedelike en intellektuele grondslag waarop hulle beskawing berus.

§ 2. Die Bakermat van ons Beskawing.

Om 'n idee te kry van die oorsprong van ons beskawing, sal dit nie 'n slegte plan wees om die Ou Testament as uitgangspunt te neem nie. Daarin sien ons hoe duisende jare gelede, toe Europa nog 'n onbekende en barbaarse land was, in Egipte en Mesopotamië magtige vorste oor groot en goed georganiseerde state geheers het. Dit is wel waar dat destyds ook reeds in Indië en Sjiena beskaafde volke gewoon het, maar vir ons is hulle voorlopig van minder belang, want die wortels van ons eie beskawing lê nie daar nie, maar juis in dié dele waar die Bybel van melding maak. Veel meer van ons oorgelewerde kennis en kundigheid, as ons miskien vermoed, is oorspronklik afkomstig van die Nyldal, waar die Piramide en kolossale tempels nog van 'n grootse verlede getuig, of van die Tweestroomland, waar aanduidinge van uitgebreide irrigasiewerke en stedelike aanlêe die hedendaagse ingenieur verbaas. Veral die beroemde wetboek van Hammoe-rabi, koning van Babel, omstreeks 1900 v. Kr., wat uit gebakte, ingegrifte stene bestaan en eers drie-en-twintig jaar gelede

DIE BESKAWING EN SY EERSTE UITBREIDING.

ontdek is, lewer bewyse van die hoë maatskaplike en ekonomiese bloei, wat vier duisend jaar gelede op die walle van die Eufraat kon gesien word. Tussen die bepalinge van Hammoe-rabi en die Joodse wette is daar in sommige gevalle 'n tref-fende ooreenkoms, sodat ons wel rekening moet hou met die moontlikheid dat ons vandag sinne nasê wat veertig eeue gelede in die strate van Babel gehoor is.

Ons geestelike verwantskap met die oudste kultuurgebiede tree egter eers baie duidelik te voorskyn, as ons na die strokie kusland, halfpad tussen die Asseries-Babiloniese Ryk en die land van die Farao's gaan. Hier in Kanaän het die Semiete gewoon. Een tak van hulle, die Feniesiërs, het die leermeesters van Europa in skeepvaart en handel geword. Volgens 'n oor-lewering het Feniesiese seevaarders in die diens van koning Necho van Egipte, omstreeks die jaar 600 v. Kr., uit die Rooi See om Afrika geseil. Heeltemal seker is intussen hulle uit-gebreide handelsreise oor see na die verste kuste van Wes-Europa. Hulle het so 'n brug geslaan tussen Oos en Wes en die volke van Europa in aanraking gebring met die kultuurpro-dukte van Egipte en die Levant. Deur hulle bemiddeling is b.v. waarskynlik die skryfkuns na Griekeland gebring. Aan 'n ander tak van die Semietiese ras, nl. die Jode, is ons egter nog veel meer verplig. Aan hierdie klein volkie was die hoë roeping opgedra om aan ons beskaafde wêreld sy godsdien- te gee. Die woorde van Dawid, die Digter-Koning, van pro-fete en apostels, almal Hebreërs, — om van die grootste Figuur in die geskiedenis te swyg, — is by uitnemendheid ons geeste- like erfenis uit die verlede. Ons hele lewe is met hulle woorde en gevoelens vervul.

§ 3. Die Trek na die Noord-Weste.

'n Uitstaande kenmerk van die beskawing is sy neiging tot uitbreiding. Die wêreldgeskiedenis is grotendeels die ver-haal van die kringsgewyse vermeerdering van beskaafde ge-biede op die oppervlakte van die aarde. Ook hieruit is sig-baar dat die beskawing 'n krag is.

Die Europese land, wat naaste aan die oudste kultuur-gebied gelê het, was die van die Grieke. Hierheen het die beskawing dan ook eerste oorgeslaan, — die begin van 'n ver-skuiwing na die noorde en weste, wat eindelik die hele Europa sou insluit. Die Grieke het hulle voorgangers in baie opsigte ver oortref. Veral in die kuns, die letterkunde en die filosofie het hulle modelle van skoonheid aan ons gegee. Ons leer ge-

GESKIEDENIS VAN SUID-AFRIKA.

durig van hulle. Ons smaak is op hulle voorbeelde en voorskryfte opgebou, en as ons wil begin nadink oor die probleme van die lewe, dan sit ons nog graag aan die voete van Plato en Aristoteles.

Deur die Grieke is die beskawing na Italië gebring, — weer 'n stap na die weste! Nes hulle onmiddellike voorgangers het ook die Romeine nie alleen die skatte van die verlede in ontvangs geneem nie, maar die produkte van *hulle* spesiale aanleg daaraan toegevoeg. Hulle was die groot staatstigters van die oudheid. Al die kuslande van die Middellandse See met die Iberiese Skiereiland, Gallië (vandag Frankryk) en Brittanje het onder hulle gesag gekom. Die bekwaamheid om so 'n groot politieke uitbreiding te bestendig, kon die Romeine aan die dag lê, omdat hulle nie alleen veroweraars was nie, maar ook uitstekende wetgewers en regeerders. Hulle regsisteem is miskien hulle belangrikste nalatenskap. Selfs vandag nog in Suid-Afrika moet ons regters en advokate vir raad en inligting na die ou juriste van Rome en Konstantinopel gaan.

Ook in baie ander opsigte is ons en ons voorouers oneindig veel aan die Romeine verskuldig. Die feit dat Europa gekristianiseer is, moet vir 'n groot gedeelte aan hulle werksaamheid toegeskrywe word. Deur van die beskaafde wêreld 'n kulturele en politieke eenheid te maak, het hulle die uitbreiding van die Kristendom geweldig vergemaklik. Ons dink te dikwels aan die Romeine alleen as die bestryders van Kristus en Sy leer. Ons dink aan Pilatus, wat Jesus aan die kruisdood oorgelewer het, en aan die bloed van martelare waarmee die vloer van die amfiteater in Rome rooigeverf is. Ons moet egter ook onthou dat vanaf die tyd van Konstantyn die Grote (306 — 337) die kristelike godsdiens onder keiserlike beskerming sy triomftog deur die wêreld voortgesit het, en dat die heidense stamme op die grense van die Romeinse Ryk, onder hulle ook ons regstreekse voorouers, deur sendelinge uit Rome en Konstantinopel met die Evangelie bekend gemaak is.*

* Baie bewyse van ons skuld aan die Romeine is versteen in die taal wat ons gebruik, of dit nou Engels of Afrikaans is. Die woorde van Latynse oorsprong wat daarin voorkom, is vir 'n groot gedeelte oorblyfsels uit 'n tyd, toe Latyn die kerktal van die hele Europa was en die medium waardeur priesters en ander geleerdes die kennis en verdere kultuurskatte van die Ou Wêreld vir hulle toegeëien en vir ons bewaar het.

§ 4. **Ons Voorouers.**

In die vyfde eeu n. Kr. het die Romeinse Ryk inmeekaargestort. Woeste Germaanse stamme uit die teenswoordige Duitsland het oor sy grense gebars, en die keisers, sedert meer as honderd jare na Konstantinopel verhuis, kon daar met moeite hulle posiesie teen die indringers handhaaf. Hierdie ou Germane, van wie ons die direkte afstammeling is, was oor die algemeen destyds nog heidens, maar ook as sulks verdien hulle reeds ons aandag, want uit die oerwoud van Middel-Europa het hulle kwaliteite en besittings meegebring, wat 'n deel van ons erfenis uitmaak. Onmiddellik by hulle eerste verskyning het hulle, anders as b.v. die barbaarse rasse van Afrika, 'n buitengewone aanleg tot hoër ontwikkeling vertoon. Hulle was gesond en sterk, maar hulle brutale krag en onstuimige dapperheid is versag en veredel deur 'n hoë agting vir die vrou. 'n Uitstaande karaktertrek was hulle vryheidsin. Hulle het wel onder leiers getrek en geveg, maar presies soos by ons Vortrekkers, het die regeringsmag onder die Germane by die volksvergadering berus. Onderdrukking sou hierdie uiters selfstandige ras nooit sonder verset verduur nie. Geestelike diepte en kunssmaak was verder reeds kenmerke van die heidense Germaan. Sy gode en godinne was heerlike verpersoonlikinge van die natuurkragte, wat hy rondom hom werkzaam gesien het, en dit is vir ons nie van belang ontbloom nie, dat ons onbewus vandag nog dieselfde mitologie in ons taalgebruik bewaar het. Dit is 'n bewys van ons herkoms. Donar, die Dondergod, met sy hamer, waarvan die vonke geblits het as hy slaan, leef nog voort in Donderdag, en Vrydag is die dag van Freijsa, die milde godin van die lente en die liefde. Sels Kersfees is in sekere sin van Germaanse oorsprong, want op dié dag, in die middel van die Europese winter, het ons heidense voorvaders met hoopvolle blydschap rondom die altyd-groen denneboom, die terugkeer van die somerson gevier; en dit was 'n pragtige inval om die geboortefees van Kristus aan hierdie mooi instelling vas te knoop.

§ 5. **Die Middeleeue.**

Die Germane het met woeste geweld die westelike helfte van die Romeinse Ryk in besit geneem. Na veel omswerwinge tot die Kristendom bekeer, vestig hulle hul dan in verskillende gebiede, die Angel-Saksers in Brittanje, die Franke in Gallië, ens., en so ontstaan langsamerhand die state en nasies van Wes-Europa. Nou kan ons ons wel voorstel, dat half-barbaarse

GESKIEDENIS VAN SUID-AFRIKA.

stamme wat die antieke kultuur en die kristelike godsdiens in hulle lewe en siel opneem en verwerk, en wat daarby state moes stig en afgrens, 'n lang tyd daarvoor sou nodig hê. Hulle skooltyd, die sogenaamde Middeleeue, het dan ook ruim 'n duisend jaar geduur.

Dit is moeilik om uit die Middeleeue spesifieke kultuurprodukte aan te haal wat in ons lewe in Suid-Afrika 'n duidelike rol speel. Vir die mense in Europa, en veral vir die Rooms-Katolieke, is dit maklik genoeg. Hulle woon in stede en bewandel strate en weë, wat uit die kindertyd van die Europese nasies dateer; hulle sien om hulle heen kastele en katedrale, waarin die voetstappe van Kruisvaarders weerklink het; ja die Katolieke reël hulle kerklike sake nog volgens die verordeninge van middeleeuse priesters, en hulle aanbid God met woorde en seremonies, wat vasgelê en ingestel is, toe Amsterdam 'n vissersdorpie was en Berlyn selfs nog nie bestaan het nie. Ons besit nie sulke duidelike aanknopingspunte nie. Ons kan miskien daaraan herinner word dat kruit en vuurwapens, die middels waarmee die witman sy pad hier oopgeslaan het, 'n deel van ons erfenis uit die middeleeue is; belangriker egter is om te onthou dat ons direkte voorouers, of hulle nou in Nederland, Engeland, Frankryk of Duitsland gewoon het, in daardie duisend jaar hulle nasionale, godsdienstige, taalkundige en maatskaplike,—hulle hele kulturele grondslag gekry het. Sonder dié millennium van voorbereiding sou ook ons eie geskiedenis onmoontlik gewees het.

Gedurende die Middeleeue het daar, behalwe in Noord- en Oos-Europa, geen verdere uitbreiding van die kristelike beskawingsterrein plaasgevind nie. Inteendeel, die Europese volke het met moeite hulle godsdiens en grondgebied teen die aanvalle van 'n vreemde beskawing gehandhaaf. Toe Mohammed, die profeet van Allah, in 632 in Mediena gesterf het, het sy leer alleen nog in Arabië aanhangers gehad. Minder as 'n eeu later was Mesopotamië, Klein-Asië, Palestiena, Egipte, Noord-Afrika en die Iberiese skiereiland ook reeds Mohammedaans, en die Halwe Maan het gedreig om selfs in Konstantinopel en Frankryk die Kruis te verdring. Gelukkig vir ons het die opvolgers van die Romeinse keisers in die ooste en Karel Martel, die groot Frankiese vegsman, op die regtervleuel van die Kristendom, die eerste aanstorm van die vyand afgeslaan, maar die stryd sou nog eeue voortduur en die kragte van die Europese nasies so in beslag neem, dat daar vir 'n uitbreiding van hulle invloed weinig kans sou wees.

Die Kruistogte was 'n voortsetting en onderdeel van die

DIE BESKAWING EN SY EERSTE UITBREIDING.

oorlog tussen die Kruis en die Halwe Maan. Hulle doel, die blywende herowering van die Heilige Land, is nie verweselik nie. Indirek egter het hulle die kristelike volke voorberei en op bane gelei wat hulle tot die uiteindes van die wêreld sou voer. Hoe dit gebeur het sal in die volgende hoofstuk uiteengesit word.

HOOFSTUK II.

DIE GROOT ONTDEKKINGS.

§ 1. Die Renaissance.

Eén gevolg van die Kruistogte was, dat die ou handelsbetrekkings tussen Europa en Asië weer sterk geword het. Vanaf die vroegste historiese tye het die produkte van Indië, en selfs van Sjiena, die kus van die Middellandse See bereik. Daar was verskillende weë waarlangs die oosterse ware, speserye, edelgesteentes, sy, ens., na die weste gebring is: één oor see van die Indiese kus na Aden en die noordhoek van die Rooi See en dan oor land na Alexandrië; 'n tweede ook oor die water na die mond van die Eufraat, langs dié rivier op en dan met karavane oor Damaskus na die hawens van Palestiena en Klein-Asië; nog ander verder noord uit Sjiena en Persië. Al hierdie handelsweë het op die kuste van die Levant uitgeloopt, en die verdere vervoer na die weste in skepe is agtereenvolgens besorg deur die Feniesiërs en Grieke.

In die dertiende eeu, nadat die Kruistogte verby was, vind ons dat hierdie ou handelsverkeer, wat met die verval van die Romeinse Ryk baie verminder het, in die hande van die Italianers weer tot 'n ongekende bloei en betekenis ontwikkel. Die vernde kontak van die Weste met die Ooste en die toenemende navraag vir weelde-artiekels onder die Europese volke wat hulle kinderskoene ontgroeï was, het dit veroorsaak, en die gunstige geografiese posisie van Italië het hom in staat gestel om van die nuwe ekonomiese moontlikhede gebruik te maak. Die Italiaanse stede, veral Venesië en Florence, word welvarend en sterk, en die burgerlike klasse kry die geleentheid en die lus om hulle vir kuns en wetenskap te interesseer. Vroeër was alleen die priesters geleerd. Nou word die kennis van die Romeine en Grieke, wat gelukkig in die kloosters bewaar gebly het, weer uit sy bēreplekke opgegrawe en vir die leek toeganklik gemaak. Groot skrywers soos Dante, Petrarca, Boccacio en Macchiavelli, groot kunstenaars soos Michel Angelo, Raffael en Leonardo da Vinci, verskyn. 'n Groot belangstelling in die natuur, in die

DIE GROOT ONTDEKKINGS.

wêreld en die verafgeleë lande op sy oppervlakte, word aangeref, en veral die fabelagtig-ryk Ooste, dié dele wat die Italiaanse reisiger Marco Polo (1254 — 1323), op 'n tog na Sjiena en Indië besoek het, trek die aandag. Die astronomie en die aardrykskunde word ywerig bestudeer. Wat die Romeine en Grieke daarvan geweet het, o.a. dat die aarde 'n bol is, word aangevul deur nuwe kennis, van Arabiere en reisigers afkomstig. Land- en wêreldkaarte word geteken. Een baie interessante kaart van die jaar 1351 het reeds 'n taamlik juiste aanduiding van die kuslyn van Afrika; die suidelike deel daarvan is óf van later oorsprong, óf ons het hier 'n onverklaarbare raak raaiskoot. Tegnieise verbeterings en uitvindsels het ook gevolg. Skietwapens van veel groter doeltreffendheid is vervaardig; die kuns om seilskepe te bou, 'n kuns wat selfs die Romeine met hulle roeivaartuie nog nie baie ver gebring het nie, het groot vooruitgang gemaak; en die gebruik van die kompas in die skeepvaart het nuwe moontlikhede vir die seevaarder geopen. Die magnetiese naald was reeds in die eerste eeu na die geboorte van Kristus aan die Sjinese bekend, en die vermoede bestaan dat Marco Polo die kennis daarvan na Europa gebring het. Of dit 'n feit is kan nie bewys word nie, maar dit was in elk geval ook 'n Italianer, Flavio Gioja, van Amalfi, wat in die veertiende eeu aan die kompas sy teenswoordige roosvorm gee het. Solank soos die skeepvaart tot die Middellandse See en die kuste van Europa beperk was, het die groot noodsaaklikheid vir 'n beter gids op die oseaan nie bestaan nie, maar die tyd was op hande, wanneer skippers veel meer rede sou hê om dankbaar te wees vir die hulp wat die astronomie en die magnetiese naald aan hulle sou verskaf.

Hierdie groot intellektuele ontwaking wat so in alle rigtings vrugte afgewerp het, noem ons die *Renaissance*. Geboortig uit Italië, het dit ook na die ander lande oorgeslaan en juis noord van die Alpe die grootste en mees blywende resultate opgelewer. Omstreeks die jaar 1450 het die Duitser, Johannes Gutenberg van Mainz, of miskien nog vóór hom die Nederlander, Lourens Coster van Haarlem, die boekdrukkuns uitgevind. Die gevolge daarvan kan moeilik oorsien word. Van die staanspoor het dit geblyk 'n magtige middel te wees vir die verligting en verruiming van die menslike verstand, 'n wapen geweldig van uitwerking in die hand van 'n held soos Luther in sy stryd teen onkunde, vreesagtigheid, vooroordeel en moedswillige verduistering.

Somtyds word gesê dat die Nuwe Tyd gebore is, toe in 1335 Petrarca, die eerste egte Renaissance-man, van die top

van die Ventouxberg, in Suid-Frankryk, na die wolk-omkranste Alpe in verrukking gestaar en tot die innerlike oortuiging gekom het dat die aarde, deur middeleeuse priesters in donker kloosters as verwerplik en gevaarlik vir die mens bestempel, wonderlik en heerlik is. 'Of ons hierdie mening onderskryf of nie, seker is dat Petrarca op die Ventoux 'n pragtige verpersoonliking en simboliese voorstelling is van die geestestoestand waarin die Europese nasies 'n eeu ná die gebeurtenis verkeer het. Hulle was klaar en begerig om nuwe ondernemings te waag en hulle gesigseinder te verruim. Luther sou weldra die veilige hawe van die alleensaligmakende kerk verlaat en die halwe Europa na ongekende geestelike ruimtes met hom meevoer. Nog voor sy verskyning egter was pioniers van 'n ander land reeds besig om die vaandel van die Europese beskawing na vreemde lande ver oor die see te dra. Die groot uitbreiding, waarvan ons geskiedenis 'n onderdeel is, het begin.

§ 2. Die Portugese as Baanbrekers.

Wie na 'n kaart kyk, sal dadelik één rede aangee, waarom Portugal die voortou by die ontdekkings geneem het; hierdie land was nl. geografies beskou, die natuurlike uitgangspunt vir sulke ondernemings. Ons mag ons egter nie met so 'n vlugtige en oppervlakkige antwoord bevredig nie. Die saak moet ook histories ondersoek word.

In 711 het die Mohammedane uit Noord-Afrika die voorouers van die Spanjaarde en Portugese verslaan en hulle land in besit geneem. By Tours en Poitiers, in Frankryk, het Karel Martel toe in 732 die Mohammedaanse golfloed gestuit, maar baie eeue sou nog verbygaan, voordat die Halwe Maan uit die gebied suid van die Pireneë sou verdwyn. Die hele middeleeuse geskiedenis van die Iberiese skiereiland is 'n verhaal van bloedige worsteling tussen Moor en Kristen, en eers in 1492 is Granada, die laaste Mohammedaanse staat in Wes-Europa, verower. In hierdie oorloë het die Spanjaarde en Portugese tot aparte nasionale en staatkundige eenhede ontwikkel, met egter één gemeenskaplike karaktertrek, 'n gloeiende haat vir alles wat Mohammedaans was. Lank nadat die geloofsywer van die Kruistogte in die ander Europese lande uitgedoof was, het dit hier nog gebrand, en by die Portugese, wat die stryd in hulle eie gebied eerste tot 'n suksesvolle end gebring het, kom die plan op om die erfvyand na Afrika te vervolg. In hierdie idee het die gees van die Kruistogte voortgelewe, en daaraan is 'n ou legende vasgeknoop, nl. dat êrens in Afrika 'n magtige kristelike staat was, die ryk van Presbieter Jan. Hy moes opgesoek

DIE GROOT ONTDEKKINGS.

en as bondgenoot aangewerf word. Met sulke gedagtes steek die Portugese na Afrika oor en verower in 1415 Ceuta, skuins-teenoor Gibraltar. Die weg na die suide was ingeslaan! Portugal op sy kruistog het sy eerste oorsese besitting! Intussen kom nou ook ander motiewe by om aan hierdie uitbreiding 'n nuwe mikpunt en groter krag te verleen.

Die Portugese hawens was vir die Italiaanse handelskepe op hulle reis van en na Engeland, Nederland, ens., natuurlike ruspunte. As van self tree dus die bewoners, b.v. van Lissabon, gedurig in die nouste aanraking met dié land, waar handel en skeepvaart die hoogste ontwikkeling bereik het, en waar die Renaissance met al sy kennis en ondernemingslus gebore is. Die onvermydelike gevolge hiervan was, dat die Portugese op Italiaanse skepe, en meer en meer ook op hulle eie, as matrose geoefen is, dat hulle met begerige oë na die rykdom van Venesië gekyk het, en dat die Renaissance-gees onder hulle die neiging en die vermoë gewek het om self meester te word van die skatte van die verre ooste.

Gelukkig die volk wat voor groot moontlikhede gestel, 'n leier besit groot genoeg om met sienersblik die nasionale geesdrif te wek en in die regte bane te stuur! So 'n man was daar destyds in Portugal. In prins Hendrik die Seevaarder, 'n jonger lid van die vorstelike huis, het ons 'n verpersoonliking van al die kragte en idees wat die Portugese as baanbrekers gekenmerk het. Hy was in die eerste plek 'n kruisvaarder. As jong man het hy deelgeneem aan die verowering van Ceuta, en hy was vol ywer om die stryd teen die Mohammedane, as dit kon, in bondgenootskap met Presbieter Jan, voort te sit. Hy was daarby ook vervul met die nuwe opvattinge van sy tyd. Hy het geglo aan die moontlikheid om 'n seeweg om Afrika heen na Indië te kry, 'n handelsweg wat vry van alle Mohammedaanse kontrole sou wees, en vry veral van die lastige en brutale Turke, wat sedert hulle verowering van Konstantinopel, in 1453, en die uitbreiding van hulle mag oor Palestiena, die sleutels van die Ooste in hulle hande begin kry het. Prins Hendrik het sy lewe aan hierdie taak gewy. In Sagres, op die suidkus van Portugal, ver van die aangename hoflewe, het hy hom soos 'n monnik in 'n klooster opgesluit. Hier het hy, wat ons 'n seevaart-onderzoekingsinstituut kan noem, ingerig. Die beste inligtings oor skeepsbou, seevaart, astronomie en aardrykskunde is hier versamel, die nuutste en mees betroubare kaarte het hulle weg hierheen gevind, en die een vloot na die ander is uitgestuur om die geheim van die Afrikaanse kus na die suide toe te ontsluit. Die koste van die ondernemings het prins Hendrik grotendeels

uit sy eie groot vermoë bestry. Stap vir stap is die werk voortgesit. Omstreeks 1434 is Kaap Bojador omseil, 'n groot daad, omdat die seestroom hier gevaarlik is en digte miste met woestynstof vermeng die onsekerheid omtrent wat voorlê vermeerder het. In 1445 is Kaap Verde bereik, en deur dié naam word ons nog herinner aan die blydschap van die Portugese, toe hulle gevind het dat die trope nie, soos die ou geograwe gemeen het, weëns die hitte unbewoonbaar was nie, maar 'n weelderige plantegroei en 'n rykdom van lewe kon aantoon. Toe prins Hendrik in 1460 sterf, was die Afrikaanse weskus, tot waar dit na die ooste toe inswaai, bekend. Na sy dood het 'n periode van verslapping ingetree, maar in 1484 het Diogo Cam die mond van die Kongo bereik en kort daarna die teenswoordige Kruiskaap (Cape Cross). Aan die Goud- en Guinee-kuste het die reise toe al lank goeie winste in die vorm van ivoor, goud en slawe opgelewer, maar die groot einddoel was nog nie verwesenlik nie; altyd nog het Afrika soos 'n wal die deurvaart na Indië afgesny.

§ 3. Die Omseiling van Afrika.

In Augustus 1486 het Bartolomeus Dias met twee klein vaartuigies van omtrent vyftig ton elk en 'n vragskip die mond van die Taag verlaat. Nes sy voorgangers het hy al langs die kus gehou, en sy uiteindelijke groot sukses was alleen die natuurlike gevolg van die feit, dat hy verder as hulle geseil het. By Angra Pequena (Luderitzbucht) het hy, soos die gewoonte was, 'n kruis geplant. Kort daarna het 'n storm uit die noorde sy skepe ver van die land oor 'n onstuimige see meegesleur. Toe die wind enigsins bedaar, rig hy sy koers na die ooste om weer die kuslyn, sy sekerste gids, te kry, maar nadat hy met 'n guntige bries 'n hele paar dae tevergeefs daarna gesoek het, slaan hy die rigting na die noorde in, en waarskynlik by die inham, wat vandag Mosselbaai heet, het hy eindelijk weer die land gekry. Sy blydschap was groot, want die kus strek nou van wes na oos, en hy kon dus die hoop koester, dat hy om die suidpunt van Afrika was, en dat die weg na Indië vóór hom oop lê. Hy het gebrand van verlange om die end-mikpunt van Hendrik die Seevaarder te bereik, maar die vreesagtigheid van sy matrose het hom verhinder om dit te doen. Hulle het aan die skaarsheid van die prowiand en die ontsaglike afstand terug huis-toe gedink, en Suid-Afrika het hulle g'n moed ingeboesem nie. Hulle het dit woens en onherbergsaam gevind. By Mosselbaai is Hottentots met groot troppe vee gesien, maar die negers,

DIE GROOT ONTDEKKINGS.

soos die Portugese hulle genoem het, was bang vir die vreemde monsters op die water en het die land in gevlug. Verby Algoabaai, waar op die eilandjie St. Croix weer 'n kruis geplant is, tot miskien die mond van die Visrivier kon Dias sy vreesagtige matrose bring, maar hier moes hy omdraai. Op die terugreis, wat weer langs die kus gegaan het, is die Kaap, deur Dias Stormkaap genoem, ontdek, en in Desember 1487 het hy sy ankers in die hawe van Lissabon weer laat sak.

Ons sou verwag dat die Portugese koning nou seker daarvan kon wees, dat die seeweg na Indië gevind was, maar sy herdooping van Stormkaap tot Kaap die Goeie Hoop dui alleen aan dat hy dit nou as 'n bereikbare moontlikheid beskou het. Dias kon wel meedeel dat die kus by sy omdraaiplek al hoe meer na die noordooste omgebuig het; miskien het dit hom ook opgeval dat daar 'n warm seestroom uit die noorde gevloei het, 'n aanwysing dat oop water tot in die trope sou gevind word; maar selfs sulke goeie tekens kon geen absolute sekerheid verskaf nie, omdat op die beste ou kaart Afrika soos 'n horing omgebuig was en die Indiese Oseaan ingesluit het. Dias het dus volgens die opvatting van sommige van sy tydgenote nog altyd langs die buitekus van Afrika gevaar. Dit verklaar sy betreklike koel ontvangs en sy volkome agteruitstelling later teenoor Vasco da Gama.

§ 4. Die Seeweg na Indië Gevind.

Koning Johan van Portugal, in wie se regeringstyd die Kaap ontdek is, was 'n ondersteuner van die plan van Hendrik die Seevaarder. Die sending van Dias het van hom uitgegaan, asook gelyktydig daarmee 'n opdrag aan twee ander Portugese om die ooskus van Afrika te gaan ondersoek. Een van hulle, Pero de Covilha, het met 'n Arabiese skip tot in Sofala gekom, maar is op sy terugreis in Abessenië vasgehou. Die belangrike inligting waaroor hierdie man beskik het, moes die koning tot groter haas aangespoor het, maar dis onseker wanneer en of 'n voorlopige rapport van Pero uit Kairo Portugal bereik het. Haas was in elk geval nodig, want ofskoon koning Johan dadelik na die terugkeer van Dias voorbereidings vir 'n beslissende reis begin tref het, het 1495, die jaar van sy dood, nog nie die uitvoering daarvan gesien nie, en in die tussentyd het die Spanjaarde met een slag hulle langgeoefende bure in die oog van die wêreld as ontdekkers oortref. Die Italianer Columbus — alweer 'n Renaissanceman — deur koning Johan afgewys, het in 1492 in die diens van die Spaanse koningspaar, Ferdinand en Isabella, Amerika ontdek! Hy self het gemeen dat die Wes-Indiese

eilande, sy eerste afstapplekke, naby die kus van Asië geleë was (vandaar ook hulle naam!), en dat 'n deurvaart na Indië hier sou gekry word. Eers later sou blyk dat Columbus nie 'n nuwe seeweg nie, maar 'n nuwe wêreld gevind het, twee groot kontinente, wat soos ons vandag kan sien, aan die Europese beskawing 'n verviervoudiging van sy oppervlakte en miskien die sekerste waarborg vir sy voortbestaan sou gee. Die *prestige* van die Portugese was geskok! Selfs die einddoel waarna hulle solank gestreef het, was miskien in gevaar! Koning Johan moes hom beywer. Sy eerste stap was om, onder goedkeuring van die Pous, in 1494 met Spanje die Verdrag van Tordesillas te sluit. Daarvolgens is 'n denkbeeldige skeidingslyn getrek, 370^o seemyle wes van die Kaap-Verdiëse eilande, en sou die nuwe lande oos daarvan aan Portugal, wes daarvan aan Spanje toeval; m.a.w. Alexander VI, die mees berugte vors wat ooit 'n troon, selfs die pouslike, bestyg het, het hom die bevoegdheid toegeëien om die wêreld te verdeel! Verder het koning Johan dit nie gebring nie, maar die teoretiese reg van sy volk op Indië was in elk geval voorlopig verseker.

Manoël, die volgende koning van Portugal, het gou daar werk van gemaak om 'n vloot uit te stuur. Vier skepe met 'n gesamentlike bemanning van omtrent 170 koppe is spesiaal uitgerus, en 'n hooggeplaaste adellike heer, Vasco da Gama, is tot opperbevelhebber aangestel. By die oordrag van die gesag oor die vloot het die koning die gekose leier daaraan herinner, dat die ontdekking van die seeweg na Indië 'n voortsetting van die nasionale stryd teen die vyande van die Kruis was, roem en rykdom aan hom en sy volk sou bring en as 'n heilige erfenis opgevat en volvoer moes word. Onder diepe stilte is toe die koninklike vlag met die kruis van die Ridderlike Kristusorde daarop aan Da Gama gegee, en met sy hand op die kruis het hy 'n plegtige eed gesweer: "In die diens van my God en my koning sal ek hierdie banier voor More en Heidene, en wie dan ook, laat wapper en in alle gevare van water en vuur en die swaard tot die dood toe verdedig." Op 8 Julie 1497, het die reisigers aan die mond van die Taag afskeid geneem en aan boord gegaan. Ons laat De Barros, die groot Portugese geskiedskrywer uit die ontdekkingstyd, daarvan vertel: "Daar was 'n groot ooploop van mense uit Lissabon, en net voor Vasco da Gama hom met sy manskappe sou inskeep, het priesters en monnike 'n plegtige optog gevorm. Aan die spits het die leier en sy geselskap met kerse in die hand gestap, en agter hulle was die besoekers uit Lissabon, en terwyl die mense antwoord gee op die litanie wat die priesters voersing, gaan die prosesie na die bote toe. Hier

DIE GROOT ONTDEKKINGS.

het almal in stilte gekniel, en volgens pouslike bulle, deur prins Hendrik die Seevaarder verkry, het die hoofmonnik die reisigers geabsolveer. Gedurende hierdie seremonie was die droefheid van almal so groot, dat hulle die strand met hulle trane gedrenk het; en waarlik dit kan wel genoem word die Trane-strand, want nog dikwels sou dit die trane van menigtes opvang, trane van droefheid by die uitvaart na die lande wat Vasco da Gama sou ontdek, en trane van blydschap by die terugkeer daarvandaan." — Later sou ons eie voorouers, mense van harder staal, sonder trane ook groot dinge onderneem; maar destemeeër eer in hierdie geval aan 'n volk wat so 'n hoë mate van deurstettingskrag aan soveel weekheid gepaar het!

Terwyl ons vir Da Gama op die ou bekende koers langs die kus na die Kaap-Verdiese eilande vergesel, sal ons die geleentheid gebruik om die tegniese middels waaroor sy loodse beskik net, te leer ken. Met behulp van die kompas en die astronomie kon hulle ongeveer die seilrigting vasstel, maar ons moet onthou dat winde en seestrome dit vir hulle onmoontlik gemaak het om 'n regte koers te hou, of om te weet hoe ver hulle gevorder was. Vir die seeman destyds, soos nog vandag, was die belangrike saak om, ook as die land nie sigbaar was nie, te kan weet waar hy hom bevind. Dit kan hy alleen as hy in staat is om sy posisie in twee rigtings noukeurig te meet. Hy moet kan uitvind hoe ver oos of wes en noord of suid hy van twee gegewe lyne is. Met 'n eenvoudige instrument, die kruisstaf, kon die ontdekkers die laasgenoemde berekening maak. Hulle het die hoogte van die middagson gemeet, en deur die dag van die jaar daarby in aanmerking te neem, kon hulle dan vasstel op welke breedtegraad hulle was. Lengte op see kon hulle egter nie bereken nie. Daarvoor is veral nodig 'n onveranderlike horlosie, 'n kronometer, en een wat vir die skeepvaart geskik was, is eers driehonderd jaar na die omseiling van die Kaap vervaardig. Die lengtebepaling op see het dus baie lank nog op gissing berus. Onseker faktore, die snelheid van die skip, die afwyking van die magnetiese naald, klimatiese eenaardighede, ens., moes daarby gebruik word, met die gevolg dat ons selfs nog in die sewentiende eeu van skippers lees wat honderde myle uit hulle koers geraak het.

Nou sien ons, waarom die Portugese in onbekende waters die kuslyn so sorgvuldig in die oog gehou het, en hoe waaghalsig-nuut die daad van Columbus was, toe hy die kus van Afrika verlaat het en die wye oscaan ingeseil het. Hierdie waagstuk, weliswaar met veel minder onsekerheid omtrent wat hom voorlê, het Vasco da Gama herhaal. Hy het die Golf van

Guinee aan bakboord gelaat, en eers twee maande nadat die laaste eilande verlaat is, was die Afrikaanse kus in Sint-Helena-baai weer sigbaar. Hier het Da Gama aan land gegaan, o.a. om suiwerder as aan boord skip moontlik was, die hoogte van die son te meet. 'n Armsalige klompie Strandloper-Hottentots, sonder vee, het verskyn, en die ontmoeting het op 'n vyandige botsing uitgeloop. Na die omseiling van die gevreesde Kaap, op 20 November, het dieselfde ding by die Waterhaalplek van Santo Bras, Mosselbaai, gebeur. Hottentots met groot troppe vee het daar gelê, maar hulle wou g'n beeste verhandel nie, en Da Gama, nadat hy 'n paar skote op hulle gelos het, het sy reis voor die wind vervolg. Van Algoabaai af was die vaart moeiliker. Ongunstige winde, stiltes en die warm seestroom het oponthoud veroorsaak, en eers teen die end van Desember kon die sevaarders, op hulle koers digby die kus, die bosryke streke noord van die Oemsinkoeloerivier van naby bewonder. Die heerlike groen heuwels, waarop groot troppe beeste aan die wei was, het hulle hart verbly, en aan hierdie mooi streek het Vasco da Gama, op Kersdag, die naam gegee van Terra da Natal. By die mond van die Limpoporivier is die ankers weer uitgegooi, en hier het die reisigers vir die eerste keer met die Kaffers in aanraking gekom. Hulle groter liggaamsbou, donkerder gelaatskleur en hoër kultuurstand, in vergelyking met dié van die naturelle by Sint-Helena-baai en die Waterhaalplek van Santo Bras, het natuurlik opgeval, en 'n Portugese matroos wat met 'n Wes-Afrikaanse Bantoedialek bekend was, het gevind dat hy hom onder hulle kon verstaanbaar maak.

So verskyn die Europese beskawing dan aan die kuste van ons land. Hier laat hy 'n kruis agter, daar 'n naam van 'n heilige, simbole van sy ondergrond, — die kristelike godsdiens. Vir ons is hulle vandag voortekens van sy blywende intrek, wat eers 'n honderd-en-sestig jaar later sou begin. En dan is dit vir ons nie van belang ontbloot nie, dat Vasco da Gama reeds met die Bantoeras, die gevaarlikste vyand van die kristelike beskawing in ons geskiedenis, kennis gemaak het, en dat hy reeds onder die indruk van die enorme uitbreiding van dié ras, — van die Kongo tot aan die Oemsinkoeloe, — en die krag en getalsterkte wat dit moes aandui, kon gekom het. Aan dit alles het hy egter nie gedink nie. Sy oog was op Indië gevestig en op die erfvyand van sy kerk en volk wat hy daar sou aantref. Hy was intussen nader aan die voorposte van die Mohammedanisme as wat hy kon vermoed.

Tussen Indië en die ooskus van Afrika waai twee gereelde winde; gedurende die noordelike somer waai die moesson uit

DIE GROOT ONTDEKKINGS.

die suidweste na die Sentraal-Asiatiese hoogland, in die winter slaan hy juis in die teenorgestelde rigting om. Hierdie winde en die aangrensing van die twee kontinente aan mekaar, het sedert oerou tye die Arabiere en Indiërs vir handelsdoeleindes na die ooskus van Afrika gebring. By Kilimane het Da Gama reeds spore van Mohammedaanse invloed gevind, en noord van die Sambesie was hy in vyandelike gebied. Mosambiek, 'n voorpos van die Islam, het hy gebombardeer, en die verhouding tussen die Portugese en die inwoners van Mombasa, die volgende aanlêplek, was ook weinig vriendskaplik. Van Melinde het hy, onder leiding van 'n inheemse stuurman, op 24 April 1498, regdeur koers gevat na Kalikut, op die weskus van Indië, waar hy drie weke later aangekom het. 'n Handelsverdrag is met die Samoryn, of vors, van Kalikut gesluit, — hy was 'n Hindoe, — en belangrike inligtings omtrent die handelstoestand is versamel. Daaruit het o.a. geblyk dat die hele seehandel tussen Indië en Oos-Europa in die hande van die Arabiere was. Die stryd tussen die Kruis en die Halwe Maan was ook in hierdie waters onvermydelik. Da Gama met sy klein verkenningsvlootjie was egter nie sterk genoeg om dadelik die oorlog op 'n groot skaal te begin nie, en in Augustus 1498, het hy die terugreis aanvaar. Presies één jaar later het hy weer sy ankers by die Tranestrand laat sink.

Vasco da Gama is met groot eerbetoen in sy vaderland ontvang. Die hoë adellike onderskeidingstietel, Don, is deur koning Manoël aan hom toegeken; geldelike belonings is aan hom gegee; die grootstes in die land het hom hulde bewys; en stiergevegte, opvoerings en prosessies, tot sy eer op koninklike bevel georganiseer, het die algemene vreugde verhoog. Waar Dias toe reeds byna vergeet was, het Da Gama onder sy volk blywende roem verwerf, en sy daad is deur die grootste Portugese digter, Camoëns, in die grootste Portugese gedig, die *Lusiades*, besing. Dit is nou eenmaal so in die geskiedenis, — en in die daaglikse lewe, — dat nie halwe, maar alleen voltooide werk blywend bekroon word.

En Da Gama het ook werklik die eer hom aangedaan verdien! Die opening van die seeweg na Indië was 'n historiese daad van die allergrootste betekenis. Die gevolge daarvan kan met dié verbonde aan die ontdekking van Amerika byna op één lyn gestel word, en die volharding wat daarvoor nodig was het dié, waaroor Columbus vir sy onderneming moes beskik, ver oortref. Dit was die geesteskrag van Da Gama, wat die sukses van die reis verseker het. Somtyds het sy matrose die moed laat vaar. Ons lees b.v., dat toe hulle tussen Algoabaai en Natal

GESKIEDENIS VAN SUID-AFRIKA.

'n storm teengekom het, "hulle so verbouereerd was, dat hulle niks anders gedaan het nie, as om tot God te roep, en hulle was so besig met hulle sonde te bely, dat hulle vir die beheer van die seile g'n tyd oor had nie." Sulke blyke van swakheid sal ons nog meer by die Portugese aantref. Des te sterker tree Vasco da Gama te voorskyn, die man van bloed en yster, gevoelloos en wreed, maar getrou aan sy koning en onverbiddelik beslis om die taak aan hom toevertrou, te volvoer.

HOOFSTUK III.

'N EEU VAN PORTUGESE OPPERHEERSKAPPY.

§ 1. Die Portugese op Reis na Indië.

Na die terugkeer van Vasco da Gama het die Portugese gereeld, jaar na jaar, hulle vlote na Indië gestuur. Vroeg in 1500 was Pedro Cabral met dertien skepe op weg. Hy het ver na die weste gehou en Brasilië ontdek. (As gevolg van hierdie toeval en die feit dat die Tordesillaslyn deur Brasilië gesny het, is dit vandag 'n groot Portugeessprekende land.) In die Suid-Atlantiese Oseaan het vier van sy skepe in 'n storm met man en muis na die kelder gegaan, en op één daarvan was Bartolomeus Dias, die ongeëerde ontdekker! Da Nova, die volgende vlootvoog, het in 1501 op die uitreis by Mosselbaai, soos die gewoonte was, water ingeneem, en ook 'n kapelletjie daar opgerig. Op sy terugvaart het hy 'n onbewoonde eiland in die Atlantiese Oseaan gevind en dit na die Heilige Helena genoem. Vir 'n tweede keer seil Da Gama in 1502 na Indië, en onder die Mohammedaanse handelaars, wat die kop teen die Portugese konkurensie begin opsteek, laat hy die skrik van sy naam agter. Ook Antonio da Saldanha, wat bo van die top van die reusewagter van die Kaap af op die silwer kromming van Tafelbaai, die wye, deur hoë berge begrensde Kaapse vlaktes en die water van Valsbaai gestaar het, het met vuur en swaard onder die erfvyande verskyn. In 1509 volg dan die beslissende slag tussen die Kruis en die Halwe Maan in die Ooste. Die Mohammedaanse mag was deur die Sultan van Egipte georganiseer, en 'n groot Egipties-Arabiese vloot, gedeeltelik met Venesiaanse geld uitgerus, is na Indië gestuur. Don Francisco d' Almeida, die eerste Portugese onderkoning van Indië, het die vyand voor Diu aangetref. Met wapperende vlag en onder trompetgeskal het die Portugese kapteins op die Mohammedaanse Armada stormgeloop. 'n Hele dag het die geveg geduur, maar die onstuimige moed en die beter vuurwapens van die Portugese het die deurslag gegee, en toe die son ondergaan, was die vyandelike vloot nie alleen verslaan nie, dit was vernietig. Deur sy vors in ongenade teruggeroep, — die lot van baie Por-

B

tugese helde! — het d' Almeida, in Maart 1510, aan die voet van Tafelberg in 'n geveg met 'n hoop Hottentots, met wie die Portugese al weer in botsing gekom het, gesnuwel, en op die strand naas die groot onderkoning en die vlag van die Kruis, het gelê, soos 'n ou beriggewer met weemoed meedeel, "meer as vyftig van die fleur van die vloot. . . . doodgegooi met stokke en klippe. . . . en al die verhewe moed en verstandige bedrywigheid, wat hulle in Indië (ook voor Diu!) en baie ander plekke vertoon het, het hulle hier niks gebaat nie." D' Almeida se opvolger was die groot Albuquerque. Hy het die oosterse heerskappy van Portugal in Goa sterk gesentraliseer, twee belangrike handelspoorte, Ormus en Malakka, verower, die toegang tot die Rooi See goed bewaak, en vir sy volk die monopolie van die uitvoer uit Indië en die spesery-eiland verseker; maar ook hy moes die waarheid van die waarskuwing: "Vest op prinsene geen vertrouwen!" ondervind. Van sy seëpraal by Ormus teruggekeer, het hy in die hawe van Goa van sy afsetting deur die koning berig gekry, en reeds deur siekte verswak, het hy daar op sy skip, op 16 Desember 1515, sy ewige rus ingegaan.

§ 2. Die Portugese aan die Kus van Suid-Afrika.

'n Honderd jaar lank seil die Portugese dan sonder konkurensie aan ons kuste verby. Af en toe gebeur dit dat hulle in die Agoada de Santo Bras of in Tafelbaai die ankers uitgooi om water in te neem, maar in die reël het hulle Suid-Afrika vermy. Die woestheid van die land en die barbaarsheid van sy inwoners, met wie ook g'n winsgewende handel kon gedrywe word nie, het hulle afgeskrik. Buitendien was die stormagtigheid van die streek tussen Natal en die Kaap spreekwoordelik onder hulle. In die reisverhaal van Jan Huygen van Linschoten van wie ons nog meer sal hoor, word die gevoel waarmee die Portugese matrose langs ons suidkus gevaar het, mooi weerspieël. Hy sê: "Hier in 't ghemeen veel tormenten ende onweders zijn en heeft veel schepen vernielt en verslonden, als die Portugesche memorialen vol zijn, ende daer (van) ghenoech ghetuyghen. . . . Uit Weleke oorsaecke passeren (zij) hier altoos met grooter vreesen, ende goede wacht ende voorsichtigheyt, alle touwen vast en strack, het geschut onder in het ballast, alle kisten, potten, vaten, en de rommelinghe worpen (zij) overboord in de zee, ende alle dinghen ghereet op zijn plaets: want men heeft hier d' een ure claer en helder weder, ende d' ander ure eenen storm, dat het schijnt Hemel en Aarde te vergaen." Daar was ook geen noodsaaklikheid vir die Portugese om in ons hawens te vertoef nie. Op die uitreis was Mosambiek en ander

poste in Oos-Afrika hulle aanlêplekke, en met die terugvaart kon hulle Sint-Helena aandoen en hulle met appels en lemoene, wilde varke en bokke, — die aanteel van bome en diere deur hulle self daarheen gebring, verfris.

Vir die Portugese was Suid-Afrika slegs 'n hindernis en 'n gevaar wat so ver moontlik op bakboord of stuurboord moes gelaat word, maar ons kus het van die beskawing wat hom so wou ontwyk, tol geëis en die Europeaan gedwing om van hom kennis te neem en met hom kennis te maak. Nie selde nie, in daardie vroeë tyd, het die gegil van sterwende skipbreukelinge bo die rumoer van ons golfgeklots uitgeklink, en vorstelike skatte lê in ons see begrawe. Die geskiedenis van die Portugese skipbreuke aan die Suid-Afrikaanse kus is baie aangrypend, maar ook eentonig. Die skip strand; 'n deel van die opvarendes bereik die land; hulle begin die lang looptog na Sofala; 'n klein minderheid bereik somtyds hulle bestemming en word gered, maar die res beswyk onder die gevare en die vermoënis van die reis. En tog, elke keer opnuut word 'n mens getref deur gevalle van buitengewone heldhaftigheid, selfopoffering en geloofsvertroue in die diepste ellende. Met sulke deugde omstraal het die Kristendom, in hierdie eerste verkenningsperiode, sy verskyning in Suid-Afrika gemaak, 'n skoon voorteken voorwaar van 'n veel later tyd, toe 'n geslag van pioniers, ook sterk en ridderlik, die woeste wêreld sou intrek en met hulle sweet en bloed vir die beskawing sou verower.

Die volgende tragiese verhaal sal ons 'n indruk gee van die lyding wat die skipbreukelinge moes deurmaak:

In die jaar 1552 het die groot galjoen, die Sint-Johannes, deur lekkasie onveilig geword, 'n entjie noord van die Oem-simwoeboerivier aan wal geraak. Die Portugese skepe was nou reeds veel groter as in die tyd van Dias, en 'n geselskap van vyfhonderd persone, waarvan 'n honderd-en-tagtig Portugese was (die res was slawe), het op 7 Julie die lang reis na die noorde begin. Die vlag van die Kruis, deur André Vas, die stuurman, gedra, het vóórgegaan, en kort agter, Manoël de Sousa, die kaptein, met sy vrou, donna Leonora, en haar twee kindertjies. Die verwagting was om in Delagoabaai 'n skip, wat jaarliks vir ivoor daarheen gestuur is, nog te vind. Dié hoop is teleurgestel, en noord van die Mapoetarivier is die uitgedunde reisgeselskap deur 'n vyandelike Kafferhoof verraderlik ontwapen en, byna nakend-geplunder, die bosse en sandheuwels ingeja. Die kaptein wat half van sy verstand geraak het, kon sy mense nie meer bymekaar hou nie, en versprei en in wanorde het hulle aangesukkel — altyd noordwaarts, noordwaarts!

B2

GESKIEDENIS VAN SUID-AFRIKA.

Donna Leonora, wat nooit tevore wou ingee nie, het geweier om verder te gaan, toe die barbare haar van haar klere ontroof; sy en haar kindertjies *kon* ook nie verder nie; en by hulle en die kaptein het eindelijk net 'n paar slavinne agtergebly. Dié getroue skepsels het later die slot van hierdie tragedie in Mosambiek gaan meedeel. Don Manoël de Sousa het vir sy vrou en kinders in die bosse gaan wilde vrugte soek. Toe hy terugkeer, vind hy donna Leonora baie swak en een van die kinders dood. Met sy eie hande het hy 'n gat in die sand gemaak en die lykie daarin begrawe. Die volgende dag het hy weer gaan vrugte soek, en toe hy weer by sy vrou kom, was sy en die ander kindjie ook dood. Ons laat 'n ou beriggewer verder vertel: "Hulle sê dat toe hy sien dat sy dood was, hy die slavinne, wat oor haar aan die kerm was, net 'n entjie weggestuur het; en vir 'n halfuur het hy daar by haar gesit, met sy hoof op een hand geleun, sonder om 'n traan te stort of 'n woord te spreek; en so het hy gesit met sy oë op haar gevestig sonder om ag te slaan op die kind. Na die halfuur het hy opgestaan, en met die hulp van die slavinne het hy 'n graf in die sand gemaak, en nog altyd sonder om één woord te uit, het hy haar en haar seuntjie begrawe. Toe dit klaar was, het hy weer dieselfde weg ingeslaan as toe hy gaan vrugte soek het, en sonder om iets aan die slavinne te sê, het hy tussen die bome verdwyn en is nooit weer gesien nie." Van die hele groot geselskap het slegs ag Portugese en veertien gekleurdes in 'n skip, wat kort hierna aan die kus verskyn het, op 25 Mei 1553 Mosambiek bereik.

Miskien mag vir die aardigheid hier ook in herinnering gebring word die naam van don Sebastiaan Lobo da Silveira, ofskoon die skipbreuk waarby hy betrokke was 'n honderd jaar later plaasgevind het. Don Sebastiaan was 'n groot figuur, groot van omvang; en omdat hy onder die las van sy eie vlees nie kon loop nie, het hy die matrose omgekoop om hom na Lorenzo Marques te dra! Maar hulle het moeg geword en het hom somtyds laat agterbly. Dan was hy woedend, en hy roep luid, "dat don Sebastiaan Lobo da Silveira nie vir die dood omgee nie, maar vir die disrespek waarmee sy persoon behandel word." Eindelijk het die draers absoluut gestaak, en die swaarlywige edelman het berus in sy lot. Sonder kos is hy agtergelaat, want daar was niks om hom te gee nie, "en," so word ons vermeld, "almal het met droefheid van hom afskeid geneem, vet en gesond en kragtig soos hy was, maar onwillig om die reis te voet te onderneem, — daarby egter so geduldig en welgemoed, dat ons wel die vroom vertroude mag koester dat hy die saligheid

deelagtig geword het." En dan dink ons dadelik nog aan 'n ander lid van hierdie geselskap wat later ook nie verder kon nie. Toe sy vriende van hom wegstap, roep hy 'n priester terug, en toe die pater met geestelike vertroosting na hom kom, sê hy: "Vader Antonio, voor jy gaan, gee my tog asseblief 'n knypie snuif, en dit sal ook baie vriendelik wees as julle hier in die sand vir my 'n graf maak, sodat ek daarin kan klim."

§ 3. Die Historiese Betekenis van die Portugese Skipbreuke.

Die skipbreuke het tot die eerste opmeting van ons kuslyn gelei. In 1575 is Perestrello, 'n offisier wat 'n tyd tevore uit die wrak van die *Santo Bento* die lewe behou het, gestuur om 'n veilige hawe tussen Delagoabaai en die Kaap te soek. Hy het wel nie daarin geslaag om 'n beskutte ankerplek te kry nie, maar van sy skip af het hy die kus noukeurig gevolg en 'n kaart daarvan gemaak. Onder die name wat daarop voorkom vind ons *Bahia da Lagoa*, d.w.s. *Baai van die Meer*, die teenswoordige Algoabaai. Hierdie benaming is miskien 'n aanduiding van die beeld wat die Portugese vir hulle van ons binnelande gemaak het. Hulle opvatting was, dat ons groot riviere uit 'n meer na die ooste en suide, nie na die weste nie, in die see vloei. Tot die middel van die sewentiende eeu vind ons dan op kaarte, naas die Sambesie en die Limpopo, ook 'n denkbeeldige Groot-Rivier, van dié meer afkomstig en met sy mondinge oor 'n deel van ons suidkus versprei.

Terwyl die skipbreuke dus direk en indirek baie bygedra het tot 'n duideliker voorstelling van ons kusrigting by die Europeaan, het hulle die sluier wat oor ons suidelike binneland gerus het, nie gelig nie. Die kustreek egter tussen Algoa- en Delagoabaai is dikwels bereis en 'n massa gegewens oor hierdie dele kan uit die berigte van die Portugese skipbreukelinge verkry word. Van groot historiese belang is veral die inligting oor die Kaffers wat so aan ons verskaf word. Aan die hand van die ou reisjoernale kan ons enigsins vasstel, hoe ver die Bantoe-ras op sy pad langs die ooskus af van tyd tot tyd gevorder was. Die mense van die *Sint-Johannes* het die land, onmiddellik noord van die Oemsimwoeboerivier, "onbeskryflik woes" en leeg gevind. In 1554 het die skipbreukelinge van die *Santo Bento*, wat by die mond van die Oemtatarivier vergaan het, tot by die Oemsimwoeboerivier deur 'n byna onbewoonde streek gereis en eers by die Oemsimkoeloe groot Kafferkrake aangetref. Baie interessant is 'n skipbreuk van die jaar 1593. Die *Santo Alberto* het in dié jaar 'n entjie wes van die Oemtata aan wal geraak. Terwyl die skepeling besig was om hul vir die lang

voetreis na Delagoabaai klaar te maak, het 'n vriendelike natu-
relle-hoof met 'n aantal volgelingen opgedaag. Hy was lig van
kleur, en ook ander aanwysinge is voorhande om ons te laat
vermoed, dat hy en sy mense, ofskoon hulle 'n Bantoedialek
gepraat het, gedeeltelik van Hottentot-oorsprong was. Ons sou
hulle met die Goenoekwebe van tweehonderd jaar later kan ver-
gelyk, ook so 'n verkafferde Hottentam, wat omstreeks 1770
by die Visrivier, die suidelike Bantogrens van daardie tyd,
gewoon het. Ons mag dus wel aanneem dat die voorste Kaffers
teen die end van die sestiende eeu by die Oemtatarivier was;
en dan is nog verder opmerklik dat die mense van die *Santo
Alberto* ook eers noord van die Oemsimwoeboe 'n werklik digte
Bantoebevolking, baie swart van kleur, aangetref het.

§ 4. Die Portugese in ons Noordelike Binneland.

Die Portugese besetting van Sofala dateer van die jaar
1505. Mohammedaanse handelaars het hier goudstof van die
Kaffers uit die binneland gekry, en die Portugese het hulle
agtervolg met die stellige verwagting om skatte te kan insamel.
By die goudsoeker was spoedig ook die sendeling. In 1560 het
twee Jesuïete onder die Makarangastam, suid van die Sambesie,
begin werk. Die rapporte van die sendelinge het die geloof aan
die rykdom van die binneland versterk. *Monomotapa*, die tittel
of begroetingstoeroep van die Makaranga-opperhoof, het hulle
met *keiser* vertaal, en van die baie myne en ou klipgemes-
selde bouvalle in sy land is groot ophef gemaak. Dos Santos,
'n sendeling wat teen die end van die sestiende eeu in die om-
streke van Sofala werksaam was, het die berg Fura, Mount
Darwin in Suid-Rhodesië, in verband gebring met die Bybelse
Ofir. Hy gee ook 'n interessante beskrywing, op inheemse be-
rigte gebaseer, van Simbabwe en die ander oorblyfsels van 'n
onbekende ou kultuur in daardie dele. Hy sê, wat vandag nog
as vasstaande kan beskou word, dat die Kaffers nie die oprigters
van hierdie geboue kon gewees het nie, aangesien hulle van hul
ontstaan niks afweet nie, hul as "die werk van die duivel"
betrag, en met hul eie gepleisterde strooi-hutte geen blyke gee
dat hulle ooit die kuns om wonings van gekapte klip te maak,
verstaan het nie. By hom en sy tydgenote ontstaan dan die
legende, dat in ons noordelike binneland goud vir koning
Salomo gegrawe is.

Omstreeks 1570 is 'n groot poging aangewend om die fabel-
agtige rykdom van Ofir te ontdek en daarvan besit te kry.
Koning Sebastiaan, 'n baie romantiese jong vors, het destyds
in Portugal geregeer. Hy het van verlanke gebrand om die

Spanjaarde, wat vanaf 1521 en 1535 in Meksiko en Peru tonne van edelmetaal buitgemaak het, te ewenaar, en in Suid-Afrika 'n Eldorado te verower. Francisco Barreto 'n gewese onderkoning van Indië, is met drie skepe en 'n leër van 'n duisend soldate vir hierdie doel na Oos-Afrika gestuur, maar die hele onderneming het op 'n treurige mislukking uitgeloop. Langs die Sambesie op en van Sofala uit het die Portugese mag die binneland ingetrek. Na 'n paar gevegte met die Kaffers, wie se bekende slagformasie, die lang-uitgestrekte iempie met sy vooruitgestote vleuels, ons hier al aantref, het Barreto aan die koors beswyk. Ook vir sy manskappe was die klimaat dodelik, en baie min van hulle het weer die kus bereik. Die wonderlike myne het geblyk ondiep gade te wees, waaruit die Kaffers op 'n primitiewe manier korreltjies spoelgoud gehaal het.

Hierdie teleurstelling en die ongesonde klimaat het aan die uitbreiding van die Portugese na die binneland van Oos-Afrika vir honderde jare 'n stop gesit. Veral deur die sendeling het hulle egter goed bekend geraak met die Bantoeslamme van ons noordelike ooskus. Die genoemde Dos Santos, o.a., gee ons reeds 'n baie noukeurige beskrywing van die Makaranga. Hulle was Kaffers soos ons hulle vandag nog ken. 'n Belangrike ontwikkeling van die sestiende tot die begin van die neëntiende eeu het die ras nie deurgemaak nie. Die Bantoe by hulle eerste verskyning in ons geskiedenis het dieselfde sedes, gewoontes en maatskaplike organisasie gehad as hulle afstammeling van die neëntiende eeu, en hulle het op dieselfde ekonomiese ontwikkelingstrap gestaan as die Kosas of Matabeles, teen wie ons grensboere en Voortrekkers geveg het. In die sestiende eeu, — en hoe lank nie al vóór die tyd nie? — is die mans jagters en vegters, terwyl die vroue die tuintjies ompik. Hulle verstaan die kuns om yster te smelt en te smee. Die asgaai is die gewone wapen, en melk en kofferkoring die gewone kos. Die mielie het hulle waarskynlik van die Portugese gekry. Hulle rykdom bestaan veral uit horingvee, en die huwelik is deur die vroukoop met beeste bevestig. Die famielielewe berus op die basis van die veelwywery. Hulle woon in krale onder kapteins en onderkapteins, wat maklik van één verblyfplek na 'n ander oortrek. Hulle is baie bygelowig, glo aan die geestelike voortbestaan van die dooies en skrywe aan sommige diere bonatuurlike kragte toe. Die toordokters was gevreesde en invloedryke persone, en die Roomse sendeling met sy rituele seremonies was in die oog van die Kaffer net 'n nuwe soort toordokter wat, al na die omstandighede, gebruik of doodgemaak moes word. Die heel eerste sendelinge het kort na hulle aankoms getuies gewees van die

bygelowigheid van die Kaffers. Die seun van 'n kaptein het gesterf, en 'n persoon wat op sy voetspore sou getrap het, is deur die toordokter as die skuldige aangewys en doodgemartel. Die bewoners van dieselfde kraal het hulle kort daarop met die grootste plesier aan die kristelike doopseremonie onderwerp. Ook die Monomotapa en sy moeder is in 1561 onder hulle nuwe doopname, Sebastiaan en Maria, in die boesem van die Kerk opgeneem; maar reeds die volgende jaar laat die Makaranga-opperhoof sy doopvader, pater Fernandes, as 'n te gevaarlike towenaar om die lewe bring; en die lyk van die eerste kristelike martelaar in Suid-Afrika is in 'n rivier gegooi, sodat sy bese ges by *ander* kon gaan kwaad doen. Ook die ekspedisie van Barreto lewer 'n bewys van die absolute vertrouwe van die destydse Kaffers in die krag van toormiddels. In 'n geveg is die natuurlike aangevoer deur 'n ongewapende ou meid met 'n kalbas vol beentjies, kruie, ens., ens., en so seker was hulle dat die Portugese deur haar krag verblind en verslaan sou word, dat hulle rieme saamgebring het om hulle weerlose vyande mee vas te bind.

Uit die berigte van die sendelinge verneem ons verder dat teen die end van die sestiende eeu twee groot mensvretende Bantoeordes, die Mumbo's en die Masimbas, van érens uit die noorde by die Sambesierivier hulle verskyning gemaak het. Hierdie kannibale het verwoesting onder hulle meer beskaafde rasgenote langs die ooskus versprei, en ook die Portugese poste was in groot gevaar. Na 'n neerlaag van die Mumbo's naby die Sambesie is gevind dat die ontvanghof van hulle koning uitgevloer was met die kopbene van sy vyande, — aaklige oorblyfsels van weersinwekkende feeste. Ons het hier 'n voorbeeld van wat seker dikwels in die binnelande van Afrika herhaal is. Tsjaka en Silkaats sal wel in die onbekende verlede van die Kafferstamme baie voorgangers gehad het; en groot bevolkings-verskuiwinge en nuwe stamgroeperinge, soos dié wat deur die oorloë van die Soeloes en die Matabeles veroorsaak is, moes van tyd tot tyd plaasgevind het. In hierdie geval het die hordes uit die noorde tot by die Toegelarivier hulle mars voortgesit (die Abambo van vandag is waarskynlik afstammeling van die Mumbo's); en ons kan ons voorstel dat die Kosas, Temboes en Pondo's, van wie die Portugese skipbreukelinge geen melding maak nie, miskien in die sewentiende eeu, op hulle vlug langs die kus voor die vyande uit die noorde, tot stamme gegroeper is.

§ 5. 'n Blik in die Toekoms.

Van omtrent vyftig jaar vóór die aankoms van Jan van

'N EEU VAN PORTUGESE OPPERHEERSKAPPY.

Riebeeck in Suid-Afrika, begin die Portugeuse uit ons gesigseinder te verdwyn. Hulle behou hulle aanlêplekke langs die ooskus tot by Delagoabaai, maar oefen verder weinig bespeurbare invloed uit op die bevestiging en uitbreiding van die Europese beskawing hier. Ons moet egter versigtig wees om hulle aandeel aan ons geskiedenis nie te onderskat nie. Hulle roem as die ontdekkers van die Kaap en die seeweg na Indië is onverwelkbaar, en wat hulle as verkenner omtrent ons kape en baaie, ons winde en seestrome aan hulle opvolgers kon meedeel, het seker die blywende intrek van die beskawing hier vergemaklik.

Dit is egter eers wanneer ons die groot lyne van ons ontwikkeling tot vandagtoe nagaan, dat die Portugeuse tydperk in sy regte perspektief kan gesien word. Ons geskiedenis kon in twee dele verdeel word. Die eerste deel sou tot sy hoofinhoud hê — die uitbreiding van die beskawing oor ons binneland. Dié uitbreidingsperiode het sy voorlopige afsluiting bereik, toe die Afrikaanse veeboer, nà die Groot Trek, op die walle van die Limpopo gestaan het. Die tweede deel, — 'n periode waarvan ons geslag die end nie sal beleef nie, — het met die ontdekking van diamante en goud in ons land 'n aanvang geneem. Van toe af het die uitbreidingsmoment op die agtergrond getree. Dit was die groot historiese roeping van ons Afrikaanse voorouers om met die roer in die één hand en die Bybel in die ander altyd verder en verder te trek. Aan hulle kinders en nageslag is 'n ander taak opgedra, — die innerlike ekonomiese, politieke en kulturele opbou van 'n beskaafde Suid-Afrika.

Nou sal ons vind dat elkeen van hierdie twee periodes byna gedomineer word deur 'n eie uitstaande historiese faktor. In die eerste is dit die naturel, en veral later die Kaffer, wat die uitbreiding van die witman land-in uittart, belemmer en voortdurend beïnvloed; in die tweede speel die minerale rykdom van ons noordelike binnelande 'n groot rol, die ontginning waarvan 'n verbasend versnelde ekonomiese vooruitgang en alles wat daarmee saamhang, ook onheile en rampe, oor Suid-Afrika gebring het. In die hoogste mate dramaties mag ons dit dan wel noem, dat in die tyd toe die gordyn vir die eerste keer oor Suid-Afrika opgegaan het, hierdie twee faktore onmiddellik op die toneel verskyn, die één duidelik in al sy omvang en krag geteken, die ander vager en meer op die agtergrond. Van albei kan ons met Jan Huygen van Linschoten sê (ofskoon sy woorde op iets anders betrekking het): “dat die Portugesche memorialen daarvan vol zijn ende ghenoech ghetuyghen.”

By die Portugeuse ontwaak reeds 'n vermoede van die skatte wat Suid-Afrika onder sy droë kors verberg; en ofskoon dit

GESKIEDENIS VAN SUID-AFRIKA.

onmoontlik is om 'n *historiese* verband tussen die goudsoekers van Sofala en die pioniers van die Rand aan te toon, is Johannesburg, *dramaties* beskou, tog die uiteindelijke verwesenliking van Barreto se tog.

Helderder belig en meer direk aan wat sal volg vasgeknoop, tree die naturelle-faktor op. Die Portugese ontmoet die Hottentot in dié dele waar die blankes ook later veel van sy gevaarlike ratsheid sou moes verduur; maar veral die Kaffer, dié naturel by uitnemendheid met wie die beskawing hier te doen sou hê, geniet hulle aandag. Hulle vertel ons van die Bantoeopmars uit die onbekende noorde en van die kragte wat agter hierdie geweldige stoomroller sit, nl. die militêre en politieke organisasie van die Kaffer, sy bygeloof wat hom die vuurwapens van die witman laat verag, en sy getalsterkte. Aan die end van hierdie eerste boek sien ons dus reeds in die verskiet, hoe die gestadige uitvloeisels of vulkaniese uitspatsels van dié ontsaglike Bantoe-meer twee honderd jaar later met die vaandeldraers van die Europese beskawing by die Visrivier in botsing sou kom in 'n bloedige worsteling, wat hom tot in Natal en oor die grense van die Transvaal sou uitstrek en 'n eeu sou duur.

BOEK II.

Die Fondament vir 'n beskaafde Europese Samelewing
in Suid-Afrika word gelê.

HOOFSTUK I.

§ 1. Voorafgaande Gebeurtenisse en Aanleidende Oorsake.

Gedurende die eeu, toe die Portugese die handelsmonopolie op Indië besit het, en die Spanjaarde onbelemmerd driekwart van die Nuwe Wêreld vir hulle kon afbaken, het twee ander Europese volke langsaamerhand vir hulle klaargemaak om aan die alleenheerskappy van die eerste baanbrekers in Oos en Wes 'n end te besorg. Die natuurlike ontwikkeling van Nederland en Engeland, die gevolg van hulle gunstige geografiese posiesie en van 'n eie gesonde ontluikende volkskrag, is deur die Kerkhervorming enorm verhaas. Martin Luther, in 1483 gebore, in 1505 as monnik georden, en vanaf 1508 as professor in die teologie aan die Uniwersiteit van Wittenberg werksaam, het stap vir stap, onbewus byna, maar deur innerlike oortuiging voortgesleep, hom van die Roomse Kerk losgemaak, en eindelik op 18 April 1521, voor die keiser en vorste van Duitsland in Worms, die laaste bande wat hom aan Rome geheg het, afgesny en sy groot woord uitgespreek: "Hier staan ek. Ek kan nie anders nie. God help my. Amen." Kalvyn, die logiese Fransman, meer konsekwent en radikaal as sy voorloper, het vanaf 1540 in Genève vir die praktiese toepassing van sy leerstellings 'n geskikte oord gekry. Die noordelike, suiwerder Germaanse lande volg hierdie twee geestelike pioniers; die Romaanse suide daarenteen is deur Ignatius Loyola en sy Jesuïete vir die Roomse Kerk behou en tot die stryd teen die Protestante aangewakker; en vóór die end van die sestiende eeu was daar dan in Europa twee groot volksgroepe, wie se lynreg-teenmekaar indruisende godsdienstige oortuigings en ekonomiese belange hulle tot 'n heftige botsing lei. Die aanvoerder van die Rooms-Katolieke reaksie was koning Filips II van Spanje, en dit was juis die stryd van die twee Protestantse lande van Wes-Europa, Engeland en die Nederlande, teen hom, wat hulle in die bane van 'n groot uitbreidingspolitiek gelei het. Frankryk, die middelstaat tussen noord en suid, het in hierdie stryd 'n middelweg ingeslaan: 'n versterking van die magtige suidelike buurman was nie in sy belang nie, 'n duidelike ondersteuning van die noordelike en westelike Protestante egter ook nie, want op eie bodem het die koninklike mag daarna gestreef om die Kalvinistiese

Hugenote te onderwerp. Die verskriklike Bartolomeusnag van 23/24 Aug. 1572, waarin tienduizend Franse Protestante deur hulle volksgenote van die ou geloof vermoor is, was 'n episode in die lang godsdienstige burgeroorloë in Frankryk. Hierdie bloedige twiste, kortstondig onderbreek tydens die regering van Hendrik IV (oorlede 1610), het veel daartoe bygedra om die Franse volk se neiging om b.v. in Kanada aan die nuwe uitbreidingspolitiek deel te neem, te belemmer. Duitsland, ofskoon teoreties 'n keiserryk, was in 'n groot aantal feitlik onafhanklike staatjies opgesplits en daarby ook gedurig deur oorloë geteister, en was dus nog minder daartoe in staat om ver oor die see sy krag te ontplooi. Ons moet derhalwe na Engeland en die Nederlande terugkeer, die enigste twee state wat vir Spanje en Portugal, wat hulle buitelandse handel en besittings betref, kon gevaarlik word.

Toe Hendrik VII, die eerste Tudor-koning, in 1485 deur sy oorwinning op *Bosworth Field*, die kroon van Engeland vir sy huis verseker het, het 'n nuwe tydperk in die Engelse geskiedenis begin. Die adellike burgeroorloë van die middeleeue was hier vir altyd verby, en die Engelse volk het eindelijk dié binnelandse rus en vastigheid gekry, wat vir alle nasionale ontwikkeling onontbeerlik is. Hendrik VIII breek reeds los van die Pous en behou vir die gebruik van sy eie land die groot geldsomme, wat in die onversadigbare koffers van die Roomse Kerk sou gevloei het. Hy wy ook sy aandag aan die skeepvaart, en 'n mens kan sê dat in sy tyd die Engelse seemag gebore is. Na 'n mislukte poging van Maria, "Bloody Mary," om deur wrede vervolging die Engelse Protestantisme uit te delg, begin dan die glansryke regeringstyd van koningin Elisabeth in 1558. Engeland was van nou af definitief Protestants, en dryf langsaamerhand in 'n onvermydelike oorlog met Filips II. In hierdie stryd, wat lank onoffisieel was en wat in die eerste tyd veral daarin bestaan het dat private Engelse awenturiers die rykblaai Spaanse handelskepe probeer buitmaak het, is 'n geslag van heldhaftige seevaarders opgelei, wat die vlag van Engeland tot aan die verste kuste sou dra en aan die opperheerskappy van Spanje op see die nekslag sou gee. Sir Walter Raleigh bring die eerste Engelse koloniste na Noord-Amerika; sir Francis Drake seil in 1577—1580 om die wêreld; en in 1588 is die Onoorwinlike Vloot van Filips II in die Britse Kanaal vernietigend verslaan. Veral hierdie oorsese bedrywigheid en die opbloei van die Engelse seemag is vir ons van belang, maar in die verbygaan mag daarop gewys word dat Engeland in die tyd van "good Queen Bess" ook op ander gebiede 'n hoogte-

BESKAAFDE EUROPESE SAMELEWING IN SUID-AFRIKA.

punt in sy ontwikkeling bereik het. Dit is b.v. die jare waarin Spencer sy *Faerie Queene* en Shakespeare sy onsterflike dramas geskrywe het. En van geen belang is hierdie groot manne op slot van sake ook nie in ons geskiedenis nie, want hulle werke is 'n deel van ons geestelike erfenis uit die verlede.

Die Nederlande was die bondgenoot van Engeland in sy stryd teen Spanje, of, beter gesê, die Nederlande het dié stryd begin en Engeland het hulle daarin steun verleen. Die Nederlandse provinsies, ofskoon bewoon deur 'n volk wat reeds in die middeleeue in welvarendheid, kulturele ontwikkeling en vryheidsin hulle bure oortref het, was tydens die troonsbestyging van koningin Elisabeth nog nie onafhanklik nie. Hulle was eers 'n deel van die ou Duitse keiserryk, het later onder die hertoë van Boergondië gestaan en is as gevolg van huwelike 'n deel van die uitgestrekte besittings van Filips II geword. Hierdie outokratiese vors wou die vryhede van sy Nederlandse onderdane inkort en die Calvinisme onder hulle uitroei. Die gevolg was dat hulle omstreeks 1568 in opstand teen die magtige Spanje geraak het, en spoedig het dit geblyk dat die geoefende veterane van Filips, selfs onder so 'n beroemde aanvoerder as die hertog van Alva, die verset van die veragte Geuse nie sou baasraak nie. In die prins van Oranje, Willem die Swyer, het die Nederlanders 'n groot leier gehad, en vóór sy vermoording op 10 Julie 1584, deur Balthasar Gérard, 'n betaalde bloedkneg van die Spaanse koning, het die noordelike provinsies by die Unie van Utrecht (1579) hulle reeds in 'n federale staatseenheid verenig. So ontstaan die republiek van die vrye Nederlande, maar die algemene erkenning van sy onafhanklikheid het nog jare van stryd gekos, en eers in 1648 het die Tagtigjarige Oorlog met die Vrede van Munster tot 'n end gekom. Die suidelike provinsies, vandag België, het nie die Spaanse juk afgewerp nie en het dus Rooms-Katoliek gebly.

Toe die oorlog met Spanje uitbreek, was die skeepvaart van die Nederlanders al sterk ontwikkel. Hulle was die kusvaarders van Wes- en Noord-Europa. 'n Belangrike deel van hierdie karweiwerk was die handel op Lissabon. Die Portugese was te trots om die Indiese ware na die ander lande te bring; hulle het juis daarop geroem dat ander volke aan die mond van die Taag moes kom "tol betaal"; en die Nederlanders het byna die monopolie van hierdie tussenhandel gehad. Nou het dit gebeur dat koning Sebastiaan van Portugal, van wie ons reeds gehoor het, in 1578 op 'n kruistog teen die More in Noord-Afrika omgekome het. 'n Direkte opvolging het ontbreek, en die uiteinde was, dat Filips II in 1580 ook koning van Portugal

geword het. Ons sal miskien dink, dat die Nederlanders toedadeliik hulle winsgewende speseryhandel kwyt was, maar dit was nie die geval nie. Hulle skepe het voortgegaan om die Portugese hawens te besoek, en Filips II het dit oogluikend toegelaat, omdat hy die graan wat die Nederlandse skepe uit die Oossee gebring het nie kon ontbeer nie, en die Nederlandse vragvaart ook vir hom 'n bron van inkomste was, — en sy kas was reeds leeg genoeg. Af en toe egter, juis om sy leë kas te vul, het hy Nederlandse skepe gekonfiskeer, en hoe slegter dit met hom in die oorlog gegaan het, des te meer moes hy na hierdie middel gryp. Vir Portugal was hierdie politiek noodlottig.

Teen die end van die sestiende eeu was die Nederlandse skepe nie meer almal lompgeboude vaartue, alleen vir die kusvaart geskik nie, en baie pikbroeke uit Holland en Seeland het reeds in Portugese diens of in hulle eie skepe reise na Brasilië of die Wes-Indiese eilande gemaak. Meermale het die Portugese selfs 'n hele Nederlandse vloot gehuur om in Amerika handelsware te gaan haal. Voeg nou hierby dat, met die terugval van die suidelike provinsies onder Spanje na 1585, stede soos Amsterdam, Middelburg en Rotterdam baie sterk geword het en kapitaal-kragtig genoeg was om groot ondernemings te bekostig, dan sien ons dadelik dat die handelselemente van die nuwe republiek deur die maatreëls van koning Filips alleen aangespoor sou word om Lissabon verby te seil en die speserye van Indië self te gaan haal. Wie kon hulle dit belet? Het hulle dan nie in 1588 saam met hulle Engelse bondgenote die hele seemag van die tiran verpletter nie? Al wat hulle nodig had was gidse, en die was reeds daar.

§ 2. Nederlanders en Engelse seil om die Kaap.

Dit was in 1580 dat sir Francis Drake op sy terugkeer Engeland-toe om die Kaap geseil het. In die beskrywing van die reis word van die groot gebeurtenis as volg gewag gemaak: "We ran hard aboard the Cape, finding the report of the Portugese to be most false, who affirm that it is the most dangerous cape of the world, never without intolerable storms and present danger to travellers, who come near the same. This Cape is a most stately thing, and the fairest cape we saw in the whole circumference of the earth, and we passed by it on the 18th of June."

Met 'n ander gees as die Portugese, met bewondering en waardering, het die Engelse so vir die eerste keer die Kaap aanskou. Die Nederlanders, soos ons weldra sal sien, het met dieselfde gesindheid ons kus genader; en ons kan wel sê dat

BESKAAFDE EUROPESE SAMELEWING IN SUID-AFRIKA.

Suid-Afrika sy dank aan dié twee rasse betuig het deur hulle albei in sy skoot op te neem.

Dit is opvallend dat in dieselfde jare toe Drake op weg om die wêreld was, die Nederlandse pionier wat vir sy volk die pad na die verre Ooste sou aanwys, sy tog daarheen begin het. Sy naam was Jan Huygen van Linschoten, en hy is in 1563 in Haarlem gebore. Sy jongelingsjare het hy in die belangrike hawestad, Enkhuisen, deurgebring; en daar het die omgang met matrose, wat van die noordelike Yssee en Rusland, van Suid-Amerika en die Wes-Indiese Eilande, veel kon vertel, seker die verbeeldingskrag van die knaap aangewakker. 'n Onweerstaanbare drang om die wye wêreld te leer ken het in hom gebrand. Hy self getuig, dat hy altyd geneig was om van verre lande te lees, "met een grooter verwekkinghe der begeerten om vreemde ende onbekende landen te besien, ofte eenighe avontueren te versoeken"; want, so gaan hy voort, dan "weet men wat te vertellen als men oudt is," en buitendien "daar is geen tijt quader versleten als een jongman op syn moeders kuecken te blyven, gelyck een babock (*papbroek* sou ons sê), ende (hy) weet niet wat armoede noch weelde is, noch wat de werelt in sich heeft, twelck dickwils oorsaek is van (zijn) verderffenis."

In 1579 het die sestienjarige Jan Huygen eindelijk van sy ouers verlof gekry om na Spanje te gaan, waar twee van sy broers, nieteenstaande die oorlog, as handelaars besig was. Drie jaar later het hy in die diens van 'n nuut-aangestelde aartsbiskop van Goa die reis na Indië onderneem. Hy het jare in die Ooste deurgebring en in 1592 weer sy vaderland bereik.

Die *Itinerario* of reisbeskrywing van Jan Huygen van Linschoten het eers in 1595 in druk verskyn, veral omdat die skrywer, nog altyd op aventure versot, kort na sy terugkeer deelgeneem het aan 'n seereis na die noordkus van Rusland met die doel om in dié rigting 'n weg na Indië te vind. In die tussentyd het die eerste Nederlandse vloot al om die Kaap geseil, maar die bevelvoerders het oor die gegewens in die manuskrip van die *Itinerario* vervat, beskik. In hierdie beroemde werk word Indië en die oosterse eilande breedvoerig beskrywe. Ook die reisroete daarheen en die winde en seestrome word aangedui. Die aandag word verder gevestig op die moontlikheid om deur die Soendastraat, tussen Java en Sumatra, waar die Portugese nog nie 'n vaste voet had nie, die Indiese argipel te bereik. Dié belangrike sleutelpoort tot die hoofbronne van die speseryhandel was dus nog vry. Veel moeite sou dit blykbaar ook nie kos om die Portugese daarvan uit te sluit nie, want Jan

GESKIEDENIS VAN SUID-AFRIKA.

Huygen toon aan hoe hulle mag deur korrupsie ondermyn is, en van hulle dapperheid het hy maar 'n lae dunk gehad. Hy vertel, hoe op die moeilike vaart van Natal na die Kaap, toe die skip waarop hy was, weke lank deur storms rondgeslinger is, die Portugese matrose, as die gevaar sy toppunt bereik, die seile en toue laat los, die lug met gekerm en jammerklagte vul en in smeekebede en pragtige geloftes aan die Heiliges en die Maag Maria hulle redding soek. Die lafhartigheid van die miskien gedegeneerde volk van Da Gama en Albuquerque was later, tereg of ten onregte, ook onder die Engelse spreekwoorde-lik. In 1594 skrywe 'n Engelse kaptein uit Indië "Who so cowardlie as a Portingail!"

Die terugkeer van Jan Huygen uit Indië het in 'n tyd geval toe van verskillende kante in Nederland reeds voorbereidings getref is om met die vaart op Indië te begin. In 1592 het ds. Petrus Plancius, 'n geleerde Amsterdamse predikant, belangrike kaarte en ander inligtings oor die reisroete daarheen van 'n Spanjaard gekry. In dieselfde jaar is Cornelis de Houtman deur 'n aantal Amsterdamse handelaars na Lissabon gestuur om daar "secrete informatie... op het stuk van den Oost-Indischen... handel" in te samel. In 1594 kom de Houtman terug, en in die tussentyd was Jan Huygen se gegewens ook al aan die geïnteresseerdes voorgelê. Baie goed ingelig, besluit die reeds genoemde handelaars, nou in 'n maatskappy verenig, die eerste "Compagnie van Verre," om "de navigatie ende handelingen (op Indië) in den name des Heere te beginnen," en op 2 April 1595, het hulle eerste vloot, drie skepe, Texel verlaat.

Die reis was 'n sukses. Java is bereik en met die vors van Bantam is 'n handelsverdrag gesluit. Weliswaar het tweedrag onder die offisiere, wat gesamentlik as 'n skeepsraad die kontrole moes uitoefen, en die heerssugtige optree van Cornelis de Houtman, wat as hoof van die handelselement op die vloot altyd die hoogste woord wou voer, baie onaangenaamheid veroorsaak, "maar," soos 'n Nederlandse historikus dit uitdruk, "de reis was volbragt, hoe dan ook, en dat was het groote, het sprekende feit; want nu was de baan gebroken, en aan Spanje's Koning, aan geheel Europa was bewezen, dat het kleine volk van Noord-Nederland zijne vlag kon en durfde vertoonen tot aan het uiteinde der aarde, en dat het, voor zijnen kolonialen handel, Lissabon kon ontberen."

Op die uitreis het die vloot vir water en vee die teenswoordige Mosselbaai aangedoen. Die Hottentots het hulle verskyning gemaak, en 'n stuk of wat beeste en skape is van hulle verkry;

maar die Nederlandse besoekers het nie 'n baie gunstige indruk van die naturelle met hulle saamgedra nie. In een van die skeepsjoernale lees ons: "Sy syn cleyn van parsoon, leelyek van gesichte, haer haer op 't hooft staet off 't affgeschroyt waer van de zonne, ende (sy) sien daeruyt eeven gelyck een dieff, die door het langhe hanghen verdroocht es"; en verder: "Belangende haer spraeck, is eeven gelyck ofte men een deel Calcoense hanen hoorden raesen, eeven gelyck is oock haer spraecke, daervan gy weynich anders cont hooren als clocken ende fluyten." Ook die sluheid van die Hottentots het die Nederlanders weinig aangestaan. Die land self daarenteen het op hulle, nes op Drake, 'n baie mooi indruk gemaak. 'n Lid van die reisgeselskap roem dit as "een schone landauwe..... met welriekende bosschagien ende bloemen vereiert."

§ 3. Engels-Nederlandse Organisasie en Konkurensie.

Na die terugkeer van De Houtman en sy reisgenote was die handelaars van Amsterdam, Middelburg en ander stede dadelik gereed om op 'n veel groter skaal met die vaart op Indië voort te gaan. Verskillende maatskappye is gestig, en weldra het die één Nederlandse vloot na die ander om die Kaap geseil. Ons hawens is dikwels deur die nuwelinge en hulle Engelse bondgenote besoek, en geen jaar byna het meer verbygegaan, waarin ons twee landstale nie aan die voet van Tafelberg gehoor is nie. Uit hierdie besoeke het die permanente besetting van die Kaap op 'n hecitemal natuurlike manier ontwikkel. Voor ons egter hierdie ontwikkeling kan vervolg, moet ons eers 'n duideliker besef kry van die manier waarop die Nederlanders en die Engelse hulle oosterse uitbreidingspolitiek gedrywe het.

Die Engelse het vóór die Nederlanders Indië oor see bereik, maar dit was eers die reis van die eerste Nederlandse handelsvloot en die bedrywigheid wat daarop in Nederland gevolg het, wat aan die ander kant van die Noordsee 'n soortgelyke aktiwiteit werklik wakker gemaak het. Gidse vir die seereis na Indië was daar spoedig genoeg in Engeland. Meer as een Engelse kaptein of matroos het sy weg daarheen gevind, sommige in Nederlandse skepe. Ons lees b.v. van die beroemde Engelse ontdekker, John Davis, dat hy opperpiloot van die *Leeuw* was, 'n skip wat in 1598 die Tafelbaai binnegeeloop het. Die kapitaalkrag van die Engelse stede was egter nog nie so sterk dat baie afsonderlike maatskappye reise na die Ooste kon bekostig nie. Om die rede het die koopmans van Londen saamgespan en onder koninklike oktrooi in 1600 één Engelse Oosindiese Kompanjie opgerig. Van nou af vind ons 'n ge-

reelde Engelse handelsvaart veral op Java en die Indiese argipel, d.w.s. juis in dié dele wat die Nederlanders vir hulself as terrein uitgekies het. Dat naywer tussen die twee rasse in die Ooste ontstaan het, is begryplik. Maar ook by die aparte Nederlandse maatskappye was 'n groot mate van onderlinge konkurensie aanwesig. 'n Hollander kla in hierdie tyd: "Ons seil mekaar die geld uit die sak en die skoene van die voete." Daar was groot gevaar dat die Engelse, ofskoon finansiëel nog swak, met hulle meer gesentraliseerde mag die Nederlanders van hulle voorsprong sou berooft. 'n Vereniging van die verskillende Nederlandse maatskappye was dringend noodsaaklik. Hoe moeilik dit was om so 'n basis van samewerking te vind, sal ons intussen eers begryp, as ons enigsins 'n idee kry van die politieke indeling van die Nederlandse staat destyds.

Die republiek het bestaan uit die sewe noordelike provinsies wat in 1579 die Unie van Utrecht gesluit het. Onder hulle was Holland vérwag die belangrikste, maar ook Seeland met die groot stad Middelburg, het op die gebied van seevaart en handel veel beteken. Hoe groot of klein die provinsies egter ook was, elkeen van hulle was feitlik 'n onafhanklike staat op homself met sy eie regeringsraad of State. Die provinsies het hulle gewaarborgde regte van selfbestuur, priwilegies genoem, ywerig gehandhaaf. Onder die prowinsiale regerings was verder 'n aantal plaaslike liggame, almal ook kollegiaal saamgestel, d.w.s. rade, en almal baie besorg om weer *hulle* besondere regte oningekort te bewaar; elke stad het b.v. sy eie bestuurlike kollegies gehad. Die sentrale gesag van die republiek het hoofsaaklik by die State-Generaal berus, 'n vergadering van afgevaardigdes van die prowinsiale State. Hierdie liggaam kon egter nie in die soewereine regte van 'n provinsie ingryp of hom teen sy sin tot iets dwing nie, en 'n gesamentlike sterk politiek het selfs gedurende die oorlog dikwels ontbreek. In al hierdie kollegies was veral die ryk stedelike handelaars verteenwoordig, die sogenaamde regente-famielies. 'n Algemene kiesreg was onbekend, soos orals in Europa in daardie tyd.

Die provinsies is aanmekaar gehou deur die Unie van Utrecht, die State-Generaal, die bande van ras, taal en godsdiens en die vrees vir 'n gemeenskaplike vyand. Daarby het dan ook nog gekom die persoon van die stadhouder. Elke provinsie het eers 'n aparte stadhouder gehad, vroeër deur die koning benoem, later deur die prowinsiale state; maar omdat die Huis van Oranje soveel vir die Nederlandse vryheid gedaan het, het dit onder die republiek gebruikelik geword om die stadhouders altyd uit dié famielie te kies, en eindelik vind ons

BESKAAFDE EUROPESE SAMELEWING IN SUID-AFRIKA.

dat dieselfde prins van Oranje, die hoof van die Huis, in al die provinsies die stadhouderlike amp beklee. Die stadhouder was teoreties die hoogste uitvoerende beampte van die republiek; daarby het hy ook die opperbevel oor leër en vloot gehad. As prins en ook uit hoofde van sy hoë betrekking het hy in Europa groot aansien geniet. Hy was die gelyke van regerende vorste.

'n Vreemde samestelling dus — hierdie Verenigde Geweste van Noord-Nederland! 'n Republiek met 'n vors as gekose hoof! 'n Unie van soewereine provinsies en selfregerende stede! 'n Demokratiese land waar die mag op slot van sake tog maar in die hande van 'n klein deel van die bevolking was, nl. van die ryk koopmans van die stede en veral van Amsterdam. In 'n stryd vir die vryheid gebore, het hierdie staatswese egter as mees-uitstaande karaktertrek die vaste wil behou om ook in sy aparte dele vry te wees. Vandaar sy hooghou van die persoonlike vryheid; vandaar sy verzet teen 'n gesentraliseerde regeringsvorm en sy instink vir plaaslike selfbestuur; vandaar sy beginsel om aan rade, en nie aan een persoon nie, die gesag op land en see toe te vertrou; vandaar eindelijk die neiging van elke stad om op ekonomiese gebied sy eie onbekemmerde gang te gaan en sy eie handelsorganisasies te skep.

Ons sal nou verstaan hoe moeilik dit was om die verskillende maatskappye wat vir die Oosindiese vaart opgerig is, tot 'n eenheid saam te smelt. Gelukkig dat Nederland destyds in Oldenbarnevelt 'n staatsman besit het, sterk en versierende genoeg om dit deur te voer. Hy was landsadvokaat of raadpensionaris van Holland, d.w.s. voorsitter van die State van die provinsie. As sulks en deur sy bekwaamheid en persoonlikheid het hy in die regering van Holland 'n baie groot invloed uitgeoefen. Hy was verder die leier van die verteenwoordigers van sy provinsie in die State-Generaal, en hy het dit daar bewerkstellig dat al die konkurerende Nederlandse Maatskappye in 1602 in één groot Verenigde Oosindiese Kompanjie opgeneem is. Sonder die hulp van die stadhouder sou hy dit egter nie reggekry het nie, maar prins Mourits, die seun en opvolger van Willem die Swyer, was ook ten gunste van die plan en deur sy invloed is die heftige weerstand van Middelburg oorwin en Seeland daartoe beweeg om mee te doen.

In die samestelling van die Nederlandse Oosindiese Kompanjie is sy voorgeskiedenis duidelik weerspieël. Dit het bestaan uit ses kamers, gevorm uit die vroeëre maatskappye. Hulle hoofsetels was Amsterdam, Rotterdam, Middelburg en Hoorn. Elke kamer het nog oor 'n groot mate van onafhanklikheid beskik; hy het sy eie skepe uitgerus en beman en by

hulle terugkeer die produkte self van die hand gesit. Anders as in die politieke regeringstelsel was hier egter 'n sentrale liggaam met beslissende bevoegdheid, Here XVII. Amsterdam, wat die helfte van die kapitaal opgebring het, was deur ag lede in hierdie kollegie verteenwoordig; Middelburg, wie se aandeel aan die kapitaal 'n kwart was, het vier lede gekry; die ander kamers tesame ook vier verteenwoordigers, terwyl die sewentiende lid deur hulle en Middelburg benoem is. 'n Kapitaal van ses-en-'n-half miljoen gulde, d.w.s. omtrent £540,000, is deur die verkoop van aandele bymekaar gemaak. Die Engelse maatskappy daarenteen het met slegs £30,000 begin.

Na 1602 het die Nederlanders gou en betreklik maklik hulle vyande, die Portugese en Spanjaarde, en hulle mededingers, die Engelse, in die Ooste oorvleuel. Engeland se groot tyd op die see was voorlopig verby. Koningin Elisabeth het in 1603 gesterf, en met Jakob I het 'n nuwe vorstelike famielie, die Stuarts, die troon bestyg. Onder Jakob I en veral onder sy seun, Karel I, begin dan, soos ons nog sal sien, 'n groot konstitusionele stryd wat die aandag van die Engelse volk in beslag neem. Sonder inspanning het die goue appels van Indië egter nie vir die Nederlanders in die skoot geval nie, en 'n beter organisasie van hulle kragte in die Ooste het gou gevolg. Die State-Generaal het aan die Kompanjie by sy oprigting deur 'n oktrooi soewereine magte binne die grense van sy monopolie verleen; Here XVII kon in Oos-Indië en die eilande op die pad daarheen, in Afrika en Asië, met uitsluiting van alle Nederlandse konkurrente, handel drywe, oorlog voer, verdrae sluit, forte en kolonies stig en die regeringsmag oor hulle voer. Die outoriteite in Nederland kon egter moeilik kontrole uitoeven oor hulle verafgeleë handelsterrein, en dus is in 1602 ook voorsiening gemaak vir die instelling van 'n ondergeskikte regeringsliggaam, waaraan die gesag in die Ooste opgedra sou word. Dit was 'n raad waarin die belangrikste Indiese beamptes sitting had. 'n Vaste vergaderplek en 'n vaste voorsitter vir hierdie kollegie het egter nog ontbreek. In 1609 is 'n goewerneur-generaal vir Oos-Indië aangestel, en Pieter Both het as eerste die amp bekleed. Eén van sy opvolgers, die beroemde Jan Pieterszoon Coen, het daarop in 1619, deur die stigting van Batavia, aan die Nederlandse gesag in die Ooste 'n blywende basis gegee. Uit Batavia het voortaan die goewerneurs-generaal met hulle Raad oor die wydvertakte besittings en kantore van die Kompanjie geregeer.

Teen hierdie magtige en ryk organisasie kon die Engelse nie opkom nie. In die tyd van Jakob I is wel nog, op aandrang van die State-Generaal, 'n verdrag tussen die twee maatskappye

BESKAAFDE EUROPESE SAMELEWING IN SUID-AFRIKA.

gesluit, die Vergelyk van 1619. Daarvolgens sou die oosterse produkte, peper, naeltjies, ens., tussen die Engelse en die Nederlanders verdeel word, en sou hulle gesamentlik vir die verdediging van die argipel teen die Spanjaarde en die Portugese sorg. Die goeie wil het egter aan albei kante ontbreek. Coen, wat juis destyds goewerneur-generaal geword het, was van die begin teen alle samewerking gekant. Hy het sy ontevredenheid oor die Vergelyk nie weggesteek nie. Hy skrywe b.v. aan Here XVII: "De Engelschen hadden zich zelven uit Indië geholpen, en gij hebt er hen weer midden in gezet." Hy het die bondgenote soos vyande behandel, en gedurende sy tydelike afwesigheid in Nederland, het die navolging van sy instruksies tot 'n gebeurtenis gelei, wat finaal 'n end gemaak het aan 'n onnatuurlike toestand. In 1623 is op Ambon, 'n baie belangrike sentrum vir die handel in naeltjies, 'n aantal Engelse deur die plaaslike Nederlandse bevelvoerder gearresteer, omdat hy suspesie had dat hulle die inboorlinge teen die Nederlanders opstook. Soos die gebruik was, is hulle op die pynbank gefolter, het hulle skuld erken en is met die dood gestraf. 'n Groot opskudding het gevolg. In Engeland het 'n geroep om wraak opgegaan, maar Jakob I kon niks doen nie. Hy was in groot geldmoelikhede; sy verhouding tot die parlement was sleg; en sy poging om deur 'n huwelik tussen sy seun Karel en die Infanta van Spanje die ou erfvyand van Engeland tot bondgenoot te kry, het ook juis in 1623 misluk. Die enigste onmiddellike resultaat van die voorval op Ambon was, dat die Engelse hulle heeltemal aan die Oosindiese eilandwêreld onttrek het. Hulle bepaal hulle van nou af by Voor-Indië (die Engelse *India*), wat die Nederlanders as minder belangrik beskou het.

Hoe weinig broederlik die verhouding tussen die twee volke selfs tydens die Vergelyk was, blyk uit 'n episode wat in Tafelbaai plaasgevind het. In Junie 1620 het 'n sestal Engelse skepe, onder Andrew Shillinge en Humphrey Fitzherbert, die Tafelbaai ingeseil. Hulle het hier 'n Nederlandse vloot van nege groot skepe aangetref, en Fitzherbert het in 'n gesprek met die Nederlandse offisiere verneem, dat hulle die land geïnspekter het met die doel om die volgende jaar 'n neersetting op die kus te stig. Na die vertrek van die Nederlanders het die Engelse bevelvoerders gesamentlik besluit om hulle verbondbroers vóór te spring, en op 3 Julie 1620 is die Engelse vlag op die teenswoordige Leeuwig gehys, en is die land aan die voet van Tafelberg vir koning Jakob van Engeland geannekseer. Die kapteins het in 'n skrifstuk die redes vir hulle daad aan die koning voorgelê: die plek was baie geskik vir 'n neersetting;

GESKIEDENIS VAN SUID-AFRIKA.

aan die bekering van die Hottentots kon gewerk word; en, lesbes, dit was tog veel verkiesliker dat die Nederlanders op land hier onder die gesag van die koning van Engeland sou staan, as dat Engelse ooit teenoor hulle of wie dan ook in so 'n ondergeschikte posiesie sou moet 'verkeer! Koning Jakob het egter geweier om die proklamasie van sy patriotiese onderdane te bekragtig, en die aanspraak van Engeland op die Kaap het dus verval.

HOOFSTUK II.

DIE SUIDHOEK VAN AFRIKA VIR DIE EUROPESE BESKAWING DIENSBAAAR GEMAAK.

§ 1. Waarom die Nederlanders en die Engelse ons kus nie vermy het nie.

Ons het gesien dat die Nederlanders en die Engelse van die begin af hulle na die kus van Suid-Afrika aangetrek gevoel het, in elk geval veel meer as die Portugese, en ons het in die verbygaan opgelet hoe hulle vlote in die Tafelbaai vertoef. Sou 'n poëtiese bewondering vir "the fairest cape in the whole circumference of the earth" of vir ons mooi kusland "met welriekende bosschagien ende bloemen verciert" hiervan de oorsaak gewees het? Ons ken hulle praktiese afstammeling te goed om dit ooit te kan glo. Hierdie besoeke het dan ook 'n baie minder romantiese grond gehad; hulle was die onvermydelike gevolg van die reisroete wat ons voorouers moes volg.

Van Europa het die vaart langs die kus van Afrika gegaan tot 'n ent suid van Sierra Leone. Om die stiltes van die ewenaar te ontwyk, moes van hier 'n suidwestelike koers na die kus van Brasilië ingeslaan word, dan suid langs die Amerikaanse kus, met Sint-Helena honderde myle aan bakboord, tot in die streek van die westelike winde en met hulle na of om die Kaap. Tot hier het die Nederlandse kapteins die ou bekende koers van hulle voorgangers, soos eerste deur Cabral beseil, gevolg; maar by die sidpunt van Afrika het hulle weë uitmekaar gedraai. Die Portugese se mikpunt was Goa, en hulle het langs die kus van Afrika tot ver in die trope geseil, van waar hulle op die regte tyd met die suidwestelike moesson Voor-Indië maklik kon bereik. Die hawens van byna die hele Afrikaanse ooskus was dus tot hulle beskikking, en ons weet welke aanlêplekke hulle daar uitgekies het. Die mikpunt van die Nederlanders, daarenteen, en in die eerste tyd ook van die Engelse, was die Soendastraat. Om dit te haal moes hulle van die Kaap af die kus van Afrika vaarwel sê, met die westelike winde tot naby die kus van Australië seil en vandaar met die suidoostewind Java bereik. Ook op

die terugreis het hulle alleen aan sy suidkus ons kontinent gead. Die koers was skuins deur die Indiese Oseaan, ver suid van Madagaskar om dié eiland, en van die Kaap af, al weer met die heersende suidoostelike winde van die suidelike halfgrond, in 'n regte lyn na Sint-Helena en so verder huistoe. Ons sien nou waarom seevaarders, wie se oosterse handelspoort die Soendastraat was, die neiging sou hê om in die Tafelbaai hulle reis te onderbreek. Op die vaart na Indië kon hulle feitlik net in die omgewing van die Kaap aan land gaan. Op die terugreis kon 'n skipper wel ook by Sint-Helena aanlê, maar as hy hom met 'n uitvarende vriend in verbinding wou stel, moes hy ook die Tafelbaai besoek, want hier was die enigste trefpunt aan land vir albei.

§ 2. Die Omgewing van die Kaap word gereeld besoek.

Om die name van al die skippers, Nederlanders en Engelse, wat in die eerste helfte van die sewentiende eeu ons suidhoek besoek het, te probeer noem, sou 'n onbegonne werk wees. Om 'n indruk te kry van die werklike betekenis van die Kaap vir hulle, sal ons egter aan sommige ons aandag gee. In 1601 vind ons Paulus van Caerden in die Agoada da Santa Bras, wat van hom die naam Mosselbaai kry. In dieselfde jaar verskyn twee belangrike persone aan die voet van Tafelberg: die Engelsman, James Lancaster, wat twee maande hier deurbring, sy siekes in tente op land verpleeg en vyftig beeste en 'n duisend skape van die Hottentots ruil; en die Nederlandse admiraal, Joris van Spilbergen, wat die baai waaraan Da Saldanha sy eie naam verbind het, tot Tafelbaai herdoop het. Van 12 April tot 22 Junie 1608 vertoef die beroemde vlootvoog, Cornelis Matelief hier. Hy laat sy mense robbe op Robbeneiland doodslaan, en kry soveel skape van die Hottentots dat hy 'n aantal op die eiland kon agterlaat om aan te teel. Kort na sy vertrek kom weer 'n paar Engelse kapteins aan, en lê vir meer as twee maande hier voor anker. Hulle het 'n fortjie gebou, veehandel gedrywe en die omstreke ondersoek, o.a. deur Tafelberg uit te klim. En so gaan dit dan van jaar tot jaar voort.

So gereeld was hierdie besoeke dat die gewoonte baie gou ontstaan het om briewe onder klippe in die Tafelbaai te laat. Veral die Nederlanders het dit gedoen, want Here XVII se bevel was dat hulle skippers op die uitreis altyd die Tafelbaai moes aandoen, en ofskoon die admirale van die retoervlote, met die gunstige suidoostewind mooi van agter, gewoonlik maar reguit na die "vette weiden" van Sint-Helena gestuur het, het hulle somtyds ook hier water, vleis en briewe kom haal of ten

minste één skip daarvoor afgesonder. Die grond waarop die groot poskantoor van Kaapstad vandag staan, was reeds in die begin van die sewentiende eeu vir dieselfde doel diensbaar gemaak. Die episode van die jaar 1620 lewer 'n voorbeeld van hierdie gebruik, — en kry ook 'n grappige kant as gevolg daarvan. Die Engelse kapteins het 'n aantal briewe agtergelaat en wel onder 'n klip waarop uitgebeitel was "V.O.C." (Verenigde Oost-Indiese Compagnie) en "Soeekt brief." Hulle het dus tog gebruik gemaak van die Nederlandse poskantoor! Of moet ons sê, dat hulle met die Kaap ook die Nederlandse poskantoor wou annekseer?

§ 3. Die Oorgang tot 'n Permanente Neersetting.

Dit spreek vanself dat onder die omstandighede die gedagte om 'n permanente stigting aan die Kaap te begin by die Nederlanders en die Engelse moes opkom. Die vraag is eintlik nie of dit sou gebeur nie, maar alleen *wanneer*. Die Engelsman Jourdain, wat in 1608 op Tafelberg geklim het, was reeds 'n sterk voorstander van die plan. Tydens die totstandkom van die Vergelyk van 1619 het Here XVII met die direkteure van die Engelse Maatskappy die moontlikheid om die Kaap gemeenskaplik te beset bespreek, en die ondersoek van die Nederlanders in die volgende jaar van die omgewing van Tafelbaai, waaroor Fitzherbert so ontsteld was, staan juis in verband met hierdie vestigingsplan.

Na 1623 het die Engelse hulle eerste belangstelling in die Kaap begin verloor. Hulle seil nou veral op Voor-Indië. Hulle hoofkantoor is na Surat, vierhonderd myl noord van Goa, verskuive; in 1633 bou hulle 'n faktory op die Hooglie in die mondgebied van die Gangesrivier, waar Kalkutta later sou verrys; en in 1639 is ook die fondament van die Britse besitting Madras gelê. Nes die Portugese is die Engelse dus nou nie meer so beslis op die Kaap vir verversingsdoeleindes aangewys nie. Buitendien sou hulle van hierdie tyd af vir 'n reeks van jare nie in staat wees om 'n groot koloniale politiek te voer nie. In 1625 het Karel I sy vader opgevolg, en met sy troonsbestyging ontbrand die heftige stryd tussen die koninklike mag en die parlement in Engeland. Groot beginsels was hier op die spel: sou die koning die reg behou om teen die wil van die volk in, manne soos Buckingham en Laud as raadgewers en ministers te kies; kon hy voortgaan daarmee om op sy eie gesag mense in die tronk te sit en daar te hou; en sou hy die bevoegdheid besit om sonder die toestemming van die parlement geldbelasting van sy onderdane te hef? Die konflik het uitgeloop op 'n bur-

GESKIEDENIS VAN SUID-AFRIKA.

geroorlog, waarin die koninklike party verslaan is, op die ont-hoofding van Karel I in 1649 en die stigting van 'n republiek onder Oliver Cromwell as "Lord Protector."

Terwyl die Engelse volk so besig was om ook vir ons die grondbeginsels van die konstitusionele vryheid te verseker, het die Nederlanders vir die blywende intrek van die Europese beskawing in Suid-Afrika gesorg. Teen die middel van die sewentiende eeu het Here XVII eindelijk daartoe gekom om die permanente besetting van die Kaap baie ernstig te oorweeg. Waarom juis toe? Verskillende redes kan hiervoor aangegee word. Dit is moontlik dat die kumulatiewe uitwerking van die geografiese faktore, wat soos ons gesien het, die Nederlanders voortdurend na die voet van Tafelberg gedrywe het, in hierdie tyd onweerstaanbaar geword het. Die draad het sy breekpunt bereik! Dit is verder moontlik dat die ongunstige politieke konstellasie van Europa omstreeks die jaar 1650 Here XVII baie geneig gemaak het om aan die genoemde geografiese invloed blywend te beswyk. Die strategiese belangrikheid van die Kaap was in-die-oog-vallend, en 'n oorlog met die nuwe suster-republiek was ophande. Cromwell en sy parlement, die verteenwoordigers juis van die Engelse kommersiële elemente, het daarop afgestuur om aan die ekonomiese voorsprong van die Nederlanders 'n end te maak. Wrywingspunte tussen die twee lande het nie ontbreek nie. Die stadhouer, Willem II, was getroud met 'n dogter van die "koninklike martelaar," Karel I, en die Nederlande het die toevlugsoord van die Stuarts geword. In 1649 is 'n gesant van die Engelse parlement in Den Haag vermoor, en die skuldiges is nie voor die gereg gebring nie. Dit is wel onjuis om te beweer dat die Nederlandse besetting van die Kaap spesifiek teen Engeland gerig was; maar 'n feit is dit dat Jan van Riebeeck kort na sy aankoms hier verdedingsmaatreëls teen 'n moontlike Engelse aanval moes tref.

By hierdie meer indirekte en algemene oorsake van die stigting van die Kaap moet ook die meer regstreekse gevoeg word.

Teen die middel van die sewentiende eeu het Sint-Helena sy waarde as verversingsoord vir die retoervlote begin verloor. Honde, wat deur onverskillige besoekers op die eiland agtergelaat is, het die vleisvoorraad daar verminder. Die naam waaronder die varke bekend was, nl., "die sweet van die matrose," het menige pikbroek hoofskuddend laat nadink aan baie hardloop vir min spek! Hierdie waardevermindering van Sint-Helena het die voordele aan die Kaap verbind, waar die Hottentots met groot troppe vee woonagtig was, in die oog laat

SUID-AFRIKA VIR EUROPESE BESKAWING DIENSBaar.

spring; en nou gebeur iets wat ons suidhoek nog duideliker onder die aandag van Here XVII sou bring. In Maart 1647 het 'n Nederlandse retoerskip, die Haarlem, in die Tafelbaai gestrand. Die skip kon nie gered word nie, maar die opvarendes het die land bereik. Hulle het 'n fortjie opgerig, die "Vasticheyt Zandenborch," die kosbare skeepslanding aan wal gebring, tuintjies aangelê, gejag en van die Hottentots op 'n vriendskaplike manier vee geruil. Na 'n volle jaar hier te vertoef het, is hulle met die retoervloot, wat in Maart 1648 die baai besoek het, na *Patria* (d.w.s. die Vaderland) teruggevoer. Nou moet ons ons egter nie 'n verkeerde voorstelling van hulle verbyf hier maak nie. Buitengewoon gelukkig en tevrede was die skeepsvolk nie. Die bevelvoerder, Leendert Janszen, het met moeite die orde onder hulle bewaar; hulle het gemurmureer, was "dapper verlangende naar de compste van die retourvloote" en baie bly om eindelijk weer die "wild barbaris landt" te kan verlaat. Ook twee baie belangrike persone op hierdie vloot het geen oormatig rooskleurige indruk van Suid-Afrika gekry nie. Geleynsen, die admiraal, het gekla oor die groot tydverlies wat sy besoek veroorsaak het, aangesien hy "sonder de minste verversinge becoomen te hebben," die Tafelbaai moes verlaat en dus verplig was om sy reis vir 'n tweede keer in Sint-Helena te onderbreek; en Jan van Riebeeck, wie se teenwoordigheid onder die mense van Geleynsen later verduidelik sal word, het na sy terugkeer in Nederland van die Hottentots getuig, "dat deselve gansch niet te vertrouwen maer een brutale hoop sonder concientie levende is."

Ons moet dus nie dink dat die manne van die Haarlem en hulle reisgenote, onmiddellik na hulle aankoms in Nederland die lof van Suid-Afrika so hard besing het, dat hulle die outoriteite deur hulle geesdrif op die gedagte gebring het om met die stigting van die Kaapse volkplanting te begin nie. Wat egter wel gebeur het, is dat die idee nou ernstig bespreek is; en dit wil skyn asof sommige van dié wat met 'n sug van verligting die top van Tafelberg in die see sien wegsink het, nou tog met aangenamer gevoelens aan die tyd, onder sy skaduwee deurgebring, teruggedink het. Ruim 'n jaar na sy terugkeer is Leendert Janszen gevra om 'n skrifstuk oor die moontlike voordele, aan die besetting van die Kaap verbind, op te stel, en sy "Remonstrantie," meeonderteken deur N. Proot, is op 26 Julie 1649 aan Kamer Amsterdam voorgelê. Hy het die plan sterk aanbeveel: die koste, beweer hy, sal gering wees, want 'n garnisoen van 60 — 70 soldate met "enige van Tuijne verstant hebbende personen" is voldoende, en hulle huisvesting in 'n fort